# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass. -2

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS
1986-07-31

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN
ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL
PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES /mcg

---

VOLUME 118

(Bladsye 5 876 - 5 946)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

THE COURT RESUMES ON 31 JULY 1986

COURT: Yes, Mr Bizos, we place on record then that accused 3 returned in the course of the morning, I take it, yesterday.

MR BIZOS: Late morning, he was certainly here for the afternoon. Only for the afternoon session he was here.

COURT: He returned for the afternoon session and as far as today is concerned?

MR BIZOS: Accused 15 is away.

COURT: No. 15 is absent.

MR BIZOS: To see a specialist, medical practitioner.

---o0o---

LAUBSCHER ROSSOUW, v.o.e.:

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg): Mnr. Rossouw, u het alreeds aan Sy Edele en die Hof gesê daar was geen Civic Association te Tsakane ten minste voor Julie 1985, waarvan u weet. -- Ek het gesê dat daar was geen aktiewe, of daar was geen bedrywighede op die oppervlak waarmee die Civic Association verbind kon word nie. Eers later in 1985, ek meen ek het gesê hier by November 1985.

Ja. Weet u wanneer ŉ tak van COSAS in Tsakane gestig is of nie? -- Ek kan u nie die presiese datum sê wanneer die tak gestig is nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat dit nie vroeër as Desember 1984 was? -- COSAS se bedrywighede was reeds voor Desember 1985 bekend.

Nee, ons praat van die stigting van ŉ komitee. -- Van ŉ komitee?

Dra u kennis van enige stigting van ŉ komitee van COSAS te Tsakane? -- As u na ŉ datum verwys kan ek nie die datum sê nie. Ek is bewus daarvan dat daar wel ŉ komitee aktief was in Tsakane.

Na/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Na Desember. -- Desember 1984?

1984. -- Dit is korrek.

Is u in staat om te sê wanneer ŉ komitee van SOYCO gestig is of nie? -- Nee.

U is nie dus in staat om te erken of te ontken dat dit eers in Januarie 1985 gestig was? -- Ek kan dit nie ontken of erken nie.

Alhoewel die mense wat hulle as die ad hoc-komitee vir 'house seekers' na u gekom het gedurende 1985, weet u wanneer daar ŉ informele of ŉ ad hoc of ŉ 'pre' ad hoc as u wil, komitee van die inwoners van Silvertown saamgekom het? -- Nee.

U kan nie sê nie. Sal u saamstem dat daar was verskilpunte tussen u Raad - jammer, tussen die Gemeenskapsraad en die Ontwikkelingsraad voor 1984 in verband met die behuising van die mense van die Brakpan ou lokasie? -- Dit is korrek, daar was punte van verskil.

En soos gewoonlik was daar voor 1984 twee weergawes van die toestand van sake in die geskiedenis van die saak. -- Twee weergawes?

Twee weergawes. -- Dit is ŉ bietjie vaag. Kan u vir my sê wat die weergawes was?

Ja, wel, eers in Mei 1983 was daar alreeds ŉ openbare debat in verband met die behuising van die mense van Silvertown. -- Die kwessie was sedert die Silvertown-plakkers daar in Tsakane gehuisves was, by verskeie geleenthede geopper oor die wyse waarop die persone in die permanente gebied gehuisves sou word.

Ek wil aan u toon ŉ artikel in The Star van 18 Mei 1983 en u sal opmerk dat uself is daar aangehaal in verband met een van die weergawes. Sal u asseblief na dit kyk en vir ons sê of u kennis het van daardie berig. U sal sien in die

tweede/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

tweede kolom, amper die einde daarvan 'but this week the director of the East Rand Administration Board, Mr L. Rossouw', miskien is u 'n hoër amp gegee, maar verwys dit na u. -- Ek herken die berig.

U herken die berig. Mag ons dit inhandig, U Edele?

HOF: Dit sal AAQ(47) wees.

MNR. BIZOS: Ja:

'There is a blow for East Rand shack people

by Solma Gaboklane.

The hopes of people living in Silvertown near Brakpan of getting proper houses were shattered this week by announcements that the area will be cleared and dwellers sent to new sites to erect temporary structures. This means that they will not get the four-roomed houses that they had hoped for. In the next few weeks the residents of the shanty town just outside Tsakane Township on the East Rand will be packed in preparation for another track. They will be moving to new sites to be allocated to them by the East Rand Administration Board (ERAB). It was less than two years ago when the people then living in comparative ease at Brakpan old location were informed that they would be moved to Tsakane, about 30 kilometres further south. The residents took it in their stride, but they were amazed when they were informed that some would be forced to erect temporary structures because ERAB was unable to give every family a house. When people arrived at their new homes, they were met only by glistening zinc toilets, evolved taps and untarred roads. There was nothing else. The huge start of erecting shacks begun.

The then community council chairman, Mr W. Moloto said

that/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

said that the people would be settled on the land, christened Silvertown by its almost 8 000 residents because of the shining zinc toilets, while new houses were being built for them. Everybody would be resettled by June 1983, he assured the people.

But this week the director of the East Rand Administration Board, Mr L. Rossouw said that only 250 families, those who cannot afford to build their own homes would be given houses. The rest, at least 1 231 families would be sent into new permanent sites where they would be expected to build houses of their own. Last year less than 400 families from Silvertown were given homes.

Mr Rossouw said that the new sites were larger, those occupies now are 10 x 10 metres shared by two families, while the new ones measured 250 square metres and are fully serviced. Dwellers would be allowed to put a schack at the corner of the yard and then build a brick house. At the moment we are busy laying water and sewerage pipes in the area he said.

ERAB's chief director, Mr F.E. Marx, washed reports that the people at Silvertown were being moved because of pressure from a farmer who had least the land to ERAB for 18 months and now wanted it back. That is not true, that is the Board's land. The area has always been regarded as a temporary measure. It was agreed that the move would take place at some stage. It has been so decided now, he emphasised. The resettlement announcement took the Silvertown residents by surprise. They were hoping that by the end of next month they would be living in proper houses, particularly with winter virtually at the doorstep. Tsakane residents telephoned at



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

random, expressed anger at the move describing it as too harsh. A woman, declining to be named, said that she was amazed that at this time there can still be talking of moving the people from one slummy shack area to another. These people were promised they would be allocated houses by June this year, so why is that promise not being adhered to, she asked.

Mr John Hlapo who said that he was a student genuinely concerned about the future of the township, echoed these sentiments, suggesting that the Silvertown residents would get together and form a committee to talk to the authorities. It is unfair to expect the poor people to live so uncomfortably although we take note of the fact that they are not being raided by the police for being in the area, we spare a thought for the small children in this cold winter, she said.'

Nou kan u onthou dat u dié berig gelees het? -- Dit is korrek.

So ver soos die berig u aanhaal is die aanhalings korrek? -- Die aanhalings is hoofsaaklik korrek.

Maar wat ek aan u wil stel is dat daar was 'n informele komitee van 1983 af klaarblyklik wat die belange van dié mense wou bevorder. -- Dit was nie 'n komitee na my mening nie. Dit was een of twee van die inwoners wat klagtes by my kantoor ingedien het oor die vertraging in hulle vestiging, maar hulle was nie 'n formele komitee nie.

Ja, ek stel nie aan u dat dit 'n formele komitee was nie, ek stel dat dit was eers 'n 'pre' ad hoc-komitee, as dit dit duideliker maak. Daar was party mense, soos in elke gemeenskap, party mense wat leierskap aanneem in 'n betrokke probleem. Is dit wat daar gebeur het? -- Dit is korrek.

As ek u hoofgetuienis goed verstaan het, mnr. Rossouw,



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

u het gesê dat dié probleem is in Februarie 1985 opgelos. Het ek u reg verstaan? -- Nadat daar samesprekinge was tussen die formele ad hoc Home Seekers Committee, die Ontwikkelingsraad, sowel as lede van die Gemeenskapsraad.

In Februariemaand, en u het 'n datum gegee, kan u onthou? -- Ongeveer Februarie, ja.

Nee, u het 'n datum in Februarie gegee. -- Dit was 16 Februarie.

En sê u daar was geen probleem in verband met die inwoners van Silvertown na die middel van Februarie nie? -- Nee, ek het gesê dat die vergadering het plaasgevind op 16 Februarie waarna die komitee met myself en my dorpsbestuurder verdere onderhandelings aangeknoop het en uiteindelik ons 'n aanbeveling na die Ontwikkelingsraad gestuur het waarin ons gevra het dat fondse, hetsy op die buitemark of amptelik van die Staatsweë se kant, beskikbaar gestel moet word om die res van die ongeveer 300 families in vier-vertrek huise te huisves.

Omdat ek wil aan u stel dat dié probleem van baie meer mense as wat u aan die Hof gister aangedui het, het voortgegaan en dat dit daar was gedurende Maart 1985. -- Maar ek glo ek het in my hoofgetuienis dit gestel, die vergadering, ek sê weer het op 16 Februarie 1985 plaasgevind. Daarna was daar verdere onderhandelinge.

Was daar enige protes daarna? -- Op 16 Februarie het die Ontwikkelingsraad besluit dat sekere van dié families tegemoet gekom sal word in dié opsig dat twee-vertrek huise vir hulle gebou sal word, in stede dat hulle van die grond af hulle eie huis moet oprig.

Die vraag was of daar na 16 Februarie enige protes was teen die aksies of optrede van die Raad of nie? -- Daar was.

Daar was! Ek wil u wys 'n berig en 'n foto van The Rand

Daily/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Daily Mail, die ekstra uitgawe van 4 Maart 1985 en ek wil u vra of dié berig tot u aandag gekom het of nie. -- Ek is goed bekend met hierdie berig, ek beskik self oor ŉ afskrif hiervan.

HOF: Dit sal ingaan as AAQ(48).

MNR. BIZOS: As ons na die foto kyk blyk dit of dit ŉ optog is onder ŉ banier van die Tsakane Home Seekers. -- Dit is korrek.

En dit sê: 'Housing is human right'. -- Korrek.

En dié komitee klaarblyk het alreeds T-hemde gehad met die beeld van ŉ vrou en die volgende woorde - u sal dit sien Edele, die vrou wat op die linkerkant - 'keep promises', en onder dit 'we want houses'. -- Dit is korrek.

Onder dit:

'Shack dwellers marched through the streets of Tsakane on their way from the local council offices where they were to meet officials of the Tsakane Community Council of the housing problems. The meeting did not take place.

Shack dwellers in protest, by Sipo Nkobo

Hundreds of shack dwellers at Silvertown, Tsakane, near Brakpan, marched on the local council's offices yesterday to protest against the housing scheme by the East Rand Development Board. The shack dwellers are refusing to move from their shacks to the new sites and services scheme area. They gathered in the community hall and the councillor who was fetched from his home to address them said that nothing could be done as the matter needed the attention of the full council, as well as Mr F.E. Marx, chief director for the East Rand Development Board. The march followed a meeting last week between the Tsakane Home Seekers ad hoc Committe, a group representing the residents, Mr Marx and the Tsakane Community

council/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Council. The Board made several proposals to the shack dwellers. However, the residents rejected the proposal, saying the scheme was too expensive and some of them could not afford it. Among the Board's proposals were that it would differentiate between people and families and the economic groups. The two-roomed houses would be built for the sub-economic group and these could be tendered by the residents. People would be responsible for paying the normal site, rental, water tariffs and other charges. The residents said yesterday that the two-roomed houses were too small and they wanted to be housed in the four-roomed houses as initially promised by the Board. They also said that they do not want to be classified according to economic income groups. They called for another meeting between them, the Council and the Board.'

Is dit 'n berig wat u gelees het? -- Dit is korrek.

HOF: Het u miskien 'n beter afskrif daar, want myne is gedeeltelik afgesny?

MNR. BIZOS: I must say that I was not being completely accurate, I actually supplied the endings of the words as I read it out. Mine is no better, but we will try and possibly get one and substitute it, if Your Lordship pleases, but just the last two letters are fairly ... (intervenes)

COURT: Well, we can get the gist of it in any event.

MNR. BIZOS: Mnr. Rossouw, sal u saamstem dat Tsakane was 'n gebied waarin daar ontevredenheid was teenoor die Gemeenskapsraad en die Ontwikkelingsraad van ten minste die begin van 1983 af? -- Daar is ontevredenheid uitgespreek.

HOF: Teen die Gemeenskapsraad en die Ontwikkelingsraad? -- En die Ontwikkelingsraad.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. BIZOS: En dit was oor die mense van Silvertown se behuising of huisvesting? -- Die Silvertown-inwoners het as ŉ groep self hulle ontevredenheid te kenne gegee.

Ja, maar die mense wat by Silvertown gewoon het is in baie gevalle nie verbind aan die families wat in Tsakane self gewoon het? -- Nee, dit is nie korrek nie.

Is dit nie korrek nie? Is daar nie seuns en dogters en broers en susters wat hulle eie huis wou hê en in die agterplaas van die ou lokasie gewoon het en ŉ deel van die familie is gehuisves in Tsakane, maar nie die hele familie nie? -- Dit is so.

Dit is so. -- Ek het dit gestel in my hoofgetuienis.

En volgens die berig in AAQ(47), en ek dink dat dit ooreenkom met u eie getuienis gister, daar was oor 1 000 families wat in 1983 betrokke was. -- Dit is korrek.

As ons dit op ŉ rowwe manier uitwerk, sê maar van vyf mense in elke familie, dit sou amper 20% van die inwoners wees, of gewees het in 1983. -- U reken dit teen vyf per familie?

Ja. -- Nou wat is u resultaat, ek het nou nie my rekenaar hier nie. As u sê hoeveel ... (tussenbei)

Ja, daar was 1 231 families. As u dit as vyf individue in elke familie neem en as ons dit as die inwoners - jammer, is dit 35 000 of 60 000 weer? -- Dit was die totale bevolking, in die 60 000.

Ek is jammer, ek is verkeerd. 35 000 was in Nigel. -- In Nigel, dit is korrek.

Jammer, dit is oor 10%. -- Nee, dit is aanvaarbaar.

Dit is aanvaarbaar. En sal u saamstem dat vyf lede van elke familie is mos ŉ konserwatiewe beraming? -- Normaalweg, dit kan nie altyd so wees nie, maar normaalweg word dit gereken.

In/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

In elk geval, dié inwoners van Silvertown het in die openbaar gesê dat hulle belowe was dat hulle sou vier-kamer huise kry en hulle sou huurgeld daarvoor betaal. Dit was wat hulle gesê het in die openbaar. -- Ek dra kennis daarvan.

En stem u saam dat hulle heeltemal ontevrede was met die feit dat hulle moet by Silvertown bly? -- Ek stem daar nie met u saam nie.

Nie saam nie? Weet u wat die ander naam vir Silvertown tussen die mense is? -- Verskeie name, Shantytown.

Het u van die naam van Kwa Vezinyawo gehoor? -- Ek is bevrees nie.

Nie? I will spell it, My Lord. K-w-a V-e-z-i-n-y-a-w-o. En ek is gesê dit beteken dat by die plek waar jy nie jou voete kan wegsteek nie. Is u nie bewus daarvan nie? -- Nee, ek was nie bewus daarvan nie.

En dit is die rede waarom dat dié persoon wat die latrine daar gemaak het, het die deure so ses of agt duim korter gemaak sodat die voete kon gesien word as u toilet toe gegaan het, en dié is die naam wat die Swartbevolking vir dié plek gebruik het. -- Dit mag so wees, onder hulleself, dit was nooit amptelik gebruik nie.

Ja, ek kan verstaan dat dit was nie amptelik gebruik nie. Was daar amper 2 000 families wat gedurende 1981 tot 1982 daar verskuif was? -- Daar was 1 481 agterplaasplakkers van die ou Brakpan-lokasie na die gebied Silvertown oorgeplaas.

Ja, u beskou hulle as plakkers, maar hulle het hulleself beskryf as mense wat kamers sou gebou het in die agterplaas van hulle ouers se woonhuise. -- Ek kan nie daarmee saamstem nie.

Daar was ook ʼn verskil tussen die inwoners en die amptenare, omdat die amptenare die posisie geneem het dat ʼn

deel/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

deel van dié mense onwettig was. Ek dink dat uself het die uitdrukking gebruik. -- Met die opruiming van die ou Brakpan-lokasie was daar uit die aard van die saak ŉ opname vooraf wie wettiglik in die gebied van Brakpan was en wie sogenaam onwettig daar was.

Maar was daar mense wat die beskrywing van die amptenare van hulleself as onwettiges nie aanvaar het nie? -- Daar was.

Ja. En het baie van hulle gekla dat die amptenare van die Ontwikkelingsraad hulle onregverdig as onwettiges genoem het? -- Uit die aard van die saak was daar verskille oor interpretasie, daar was.

Dra u kennis van die feit dat die leiers van die informele komitee, prokureurs en advokate en organisasies geraadpleeg het om te probeer vasstel of hulle die reg het om daar te bly? -- Daar was as gevolg van vertoë van dié persone genoem, ŉ vergadering in die ou Brakpan-woongebied gereël, saam met die verteenwoordigers van die Gemeenskapsraad van die ou Brakpan-lokasie waar ek self teenwoordig was en die probleme wat geopper was deur die sogenaamde plakkers wat moes verskuif word aangehoor was, simpatiek. Daar is gevolglik besluit by wyse van ŉ Raadsbesluit dat dié persone wat in ander gebiede eintlik hulle vestiging moes opneem as ŉ groep saam na Silvertown oorgeplaas sal word.

Wanneer was dit? -- Dit was voor die verskuiwing van die massa na Silvertown.

Wanneer was dit? -- Die verskuiwing is voltooi op 31 Maart 1982. So die onderhandelinge het reeds begin so vroeg as middel, kom ons sê Junie 1980.

Dankie vir daardie inligting, maar wat is die antwoord op my vraag? Kan u onthou wat dit was?

<u>HOF:</u> Kan u net weer sê wat die vraag was. -- Dit was nie vir

my/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

my baie duidelik wat u presies, ek het gedag u vra 'n verduideliking.

HOF: Want die indruk wat ek gekry het is dat u vraag dui op onenigheid omdat party mense wettig daar was en ander onwettig verklaar is, en die antwoord wat ek nou dink ek gekry het is dat dit eintlik nie saak maak nie, want wettig of onwettig is almal verskuif na Silvertown.

MNR. BIZOS: Ja, dit is.

HOF: So die punt val weg eintlik.

MNR. BIZOS: Was dit aanvaar uiteindelik dat al die mense wat by Silvertown was moet in Tsakane gehuisves word? -- Dit is korrek.

Uiteindelik? -- Uiteindelik.

Wanneer was dit uiteindelik so besluit? -- Die besluit is reeds geneem voordat daar begin is met die totale oorplasing met die mense vanaf Brakpan-lokasie, dat elkeen wat oorgeplaas word uiteindelik in 'n vier-vertrek huis gehuisves sal word.

En dit was belowe? -- Dit was belowe.

Gedurende 1983, die tweede helfte van 1982, het amptenare nie beweer dat daar was onwettiges in Silvertown wat nie die reg gehad het om in Tsakane gehuisves te word nie? -- Dit is korrek.

En het dié mense regshulp probeer soek om hulle reg vas te stel? -- Daar was van hulle.

Daar was. En van dié mense, daar was werkers en skoliere en studente en huisvroue, ensovoorts, dit was 'n gemengde lot mense wat in Silvertown gewoon het. -- Dit is korrek.

Nou alhoewel dié mense belowe was dat hulle sou vierkamer huise sou kry, is daar as gevolg van die feit dat daar nie fondse beskikbaar was nie, klaarblyklik soos u gister gesê het, die beleid verander en hulle is gevra om na selfhelp-

behuising/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

behuising oor te gaan in Tsakane. -- Dit is korrek.

Wanneer is dit gedoen? -- Dit was hier in die omgewing van Junie, as ek my datums reg het, kom ons noem dit middel 1983.

Dit was teenstrydig, was dit nie, met die belofte wat voorheen gemaak was? -- Dit was in dié opsig strydig dat, soos ek gister gesê het, as gevolg van ekonomiese toestande daar met die destydse Gemeenskapsraad, dit is nou van die Ontwikkelingsraad se kant af, vergaderings belê was om die situasie te verduidelik en aan dié persone wat sou belangstel om huiseienaars te word die geleentheid te gee om te verhuis na ŉ behoorlik gediensde erf en met die tegniese hulp, sowel as die finansiële hulp van die Ontwikkelingsraad huiseienaars te kon word, waarvoor daar groot belangstelling was.

As ek ten minste ŉ deel van u antwoord verstaan het, u sê die belofte was wel gemaak, maar dit kon nie nagekom word nie, vir goeie redes. Maar laat ons dit aanvaar vir ŉ oomblik. Sal u saamstem dat die klaarblyklike klagte op die T-hemde op die foto van die vrouens van Tsakane 'keep promises', ŉ regverdige klagte was? -- Ek sou sê ja.

En ons het daar ŉ bietjie van ŉ probleem, het ons nie, dat oorspronklik die beloftes deur die Ontwikkelingsraad gemaak is? -- Korrek.

Die nuwe selfhelpskema is uitgegee as die skema van die Gemeenskapsraad. -- Omdat dit deel van hulle funksies was.

Of dit nou regverdig was of nie, het die mense van Tsakane nie al twee die raadslede en die Ontwikkelingsraad verantwoordelik gehou dat die beloftes nie nagekom is nie? -- Ja, ek kan dit bevestig.

En gedurende 1984 en 1985 sou u sê dat vir die mense wat in Silvertown gewoon het en lede van hulle families, daar

ontevredenheid/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ontevredenheid in die gemeenskap was oor die hele affêre. -- Praat u nou van die res van Tsakane, behalwe Silvertown?

Ja, ŉ deel van Tsakane. -- Of in totaal. Die Silvertown-inwoners, soos ek gesê het hulle was ontevrede.

Ek wil nie aan Sy Edele al die detail gee nie, maar net kortliks, om van die nuwe skema, die selfhelpskema ŉ huis te kry moet jy teken vir ŉ loon van R2 800,00.

HOF: ŉ Lening.

MNR. BIZOS: ŉ Lening van R2 800,00. -- Dit was ŉ lening ... (tussenbei)

HOF: Laat ons net duidelikheid kry. Was daar lenings beskikbaar? -- Dit is reg.

Daar was? -- Daar was.

So wat jou lopende uitgawes sou wees is die afbetaling aan die rente op die lening. -- Korrek.

Plus dan dienstegelde? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS: Hy moet R2 800,00 leen van die Raad. -- Dit is korrek.

Waarvan R780,00 vir die grond sou gebruik word. Dié bedrag sou nie aan die inwoner oorhandig word nie. -- Die R780,00 is gebruik as ŉ bydrae tot die infrastruktuur, die installering van riolering, water en rudimentêre paaie, dit is die bydrae.

Was dit verduidelik? Omdat ons is gesê dat die mense het dit as ŉ soort van ŉ deposito vir die grond beskou. Hulle sê vir die 'stand', vir die erf is dit R780,00. -- Die inligting is verkeerd.

En dan was die plan dat die Raad sou die fondamente van die huis bou en ŉ verdere R500,00 van die lening aftrek. -- Dit is korrek.

En dat daar sou ongeveer R1 500,00 boumateriaal aan die

inwoner/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

inwoner oorhandig word. -- Dit is korrek. net ter duidelikheid, die lening van R2 800,00 was nooit in harde kontant aan die lener oorbetaal nie. Die res, nadat die infrastruktuur en die persoon wat sy eie fondasies wou laat oprig, het oorgebly en hy kon daarteen boumateriaal by 'n magasyn gaan trek.

Van ongeveer R1 500,00? -- Dit is korrek.

Was dit 'n term van die lening dat R56,00 per maand moet terugbetaal word? -- Die presiese bedrag kan ek nou nie hier bevestig nie, maar dit was die ooreenkoms dat rente in delging op die lening sou geskied maandeliks, plus die normale perseel hier en dienstegeld.

Ja, is u in staat om te erken of te ontken dat die mense gevra is om R56,00 per maand terug te betaal vir die lening en die rente daarop? -- Ek het self nie die kontrakte hanteer nie, so ek kan dit nie vir u hier bevestig nie. Daar was wel 'n bedrag genoem wat betaalbaar was per maand.

<u>HOF:</u> Is u stelling, mnr. Bizos, dat bo-op die R56,00 nog geplaas moet word perseelhuur en dienstegelde?

<u>MNR. BIZOS:</u> Ja, dit sou amper R100,00 per maand wees.

<u>HOF:</u> Wat sê u daarvan? -- Dit is nie korrek nie.

<u>MNR. BIZOS:</u> Wel, hoeveel - as 'n inwoner van Silvertown nou sy sommetjies wil maak of hy dit kan bekostig of nie, is dit aan hom verduidelik hoeveel hy moes betaal? U was die Stadsraadsklerk. Het u ooit dit uitgewerk om nou vas te stel hoeveel die persoon moes betaal? -- Ek was die stadsklerk en is dit nog steeds. Die funksie word verrig deur die stadstesourier en sy departement. Daar was van die mense wat nie die volle R2 800,00 opgeneem het nie. Met ander woorde, die terugbetalings het gewissel van kliënt na kliënt. So ek kan nie vir die Hof hier sê ek kan dit bo alle twyfel stel dat

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die terugbetalings R56,00 was plus die dienstegelde nie. Dit kan wel wees dat dit veel minder was.

In elk geval, u is nie in staat om ôf te erken ôf te ontken dat dit sou R56,00 plus dienstegelde kos? -- Ek kan dit met vrymoedigheid ontken. Die terugbetaling op 'n lening van R2 800,00 oor 'n tydperk van 30 jaar is onmoontlik R56,00 per maand. Dit is veel minder.

Was dit vir 30 jaar? Of weet u nie? Was die lening vir 30 jaar? -- Dit was vir 30 jaar.

Is u seker daarvan? -- Ek is oortuig daarvan.

Ek wil aan u stel dat dit nie so is nie. -- Ek stel aan u dat dit so is.

Goed.

HOF: Wat is die rente gewees op die lening? -- Dit was teen die heersende rentekoers daardie tyd, ook moeilik om nou vir u te sê presies wat dit was, maar dit was in die omgewing van 11%, 11,25%.

MNR. BIZOS: Het u ooit die kontrak gesien? -- Ek het baie kontrakte gesien.

En u het hulle bestudeer? -- Uit die aard van die saak, ja.

Wat was die perseeldienste gedurende 1984? -- Die maandelikse heffing was - u praat van die geld?

Ja. -- Perseelhuurgeld?

Ja. -- R20,80 per maand.

Plus? -- Plus gemeterde waterverbruik.

In die algemeen hoeveel sou dit wees? -- 'n Goeie gemiddeld sou wees sê so tussen R3,00 en R5,00 per maand.

Plus wat anders? -- Dit was al.

HOF: Daar was nie elektrisiteit nie? -- Nee.

En die riool, daar was nie 'n aparte rioolheffing nie?

-- Daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Daar was nie apart, dit is by die perseelhuur ingereken.

MNR. BIZOS: Het die mense vergelyk wat hulle moes betaal vir die selfhelpskema met dié persone wat ʼn huis gekry het wat voltooi was, het u dit vergelyk of ʼn mens nou beter of slegter sou uitkom as hy in ʼn selfhelpskema deelgeneem het of nie? -- Dit was vergelyk.

En wat sê u? -- Ek persoonlik sê dat die persoon wat deel het aan die selfhelpskema finansieel beter uiteindelik daaraan toe sal wees omdat dit sy eiendom is. Die ander persone huur en die huurgelde, afhangende van die datum van oprigting van die huurwoning, het in die laaste tyd, veral in dié tyd onder bespreking, gewissel tussen R34,00 en R44,00 per maand, net gewone huishuur.

En ek wil aan u stel dat arm mense wat geen kapitaal het nie en wat gesê was om R56,00 per maand te betaal, het dit met die ander mense se huurgeld vergelyk en het die hele skema heeltemal verwerp.

HOF: Mnr. Bizos, ek het ʼn bietjie ʼn probleem met u stelling dat dit R56,00 was en dat dan daar bo-op gekom het die ander syfers, dat dit dan R100,00 was byna, want as ʼn mens 11% neem op R2 800,00, dan kry jy R25,70 per maand, dit is nou sonder om die kapitaaldelging in ag te neem, dus dit moet daar by kom, maak dit ʼn Rand of twee daar by. Nou as jy daarby voeg R20,80, die maandelikse perseelhuur, dan kom jy ongeveer op R56,00 uit. Dit wil voorkom asof die R56,00 alles insluitend was.

MNR. BIZOS: I was instructed that this was ʼn private short-term loan and not ʼn 30 year loan and that the capital had to be paid - I have not got the precise number of years, but it had to be paid within a short period of time.

HOF: As dit korttermyn is dan is dit so, dan verander dit

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die hele prentjie, maar as dit 'n langtermyn lening is dan kan u syfers nie reg wees nie.

MR BIZOS: My instructions are that it was 'n short-term. Was dit 'n privaatlening? -- Nee, die lening is geskep deur die Ontwikkelingsraad, genoem die sogenaamde wentelfonds, terugbetaalbaar oor 'n tydperk van 30 jaar.

Maar stem u saam dat die skema is deur die inwoners verwerp? -- Ek stem nie daarmee saam nie.

Hoeveel van hulle het gedurende 1984 gebruik gemaak van daardie skema? -- daar was 700 gediensde erwe waarvan 680 erwe opgeneem is. Die ander 20 erwe was ongelukkig nie onbeboubaar nie as gevolg van grondformasieprobleme.

Wanneer is daardie aantal erwe geneem, wanneer uiteindelik? -- Totaal opgeneem?

Ja. -- Ongeveer so onlangs as ses maande gelede was alle erwe opgeneem.

Ja, ons praat van 1984. -- Ja, maar dit is 'n deurlopende aksie.

Is dit beweer dat die wagte wat vir die Raad werk, die Swart stedelike polisie, van dié mense wat in Silvertown gewoon het, gearresteer het van tyd tot tyd en na die kantoor gebring het? -- Arrestasies was wel uitgevoer vir onwettige okkupeerders van daardie land.

Is dit beweer dat mense wat nie onwettige okkupeerders was ook gearresteer was? -- Kan u net die stelling stel.

Was dit beweer dat mense wat wel die reg gehad het om daar te woon ook gearresteer was? -- Daar was van tyd tot tyd dié persone wat nagelaat het om hulle dienstegeld, hulle huurgeld te betaal, aangehou was en na die kantoor van die dorpsbestuurder gebring was om hulle saak te kom verduidelik.

Waar kry u die reg om mense aan te hou om hulle saak te

verduidelik/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

verduidelik hoekom hulle hulle huurgeld nie betaal het nie? -- Die prosedure wat gevolg is was, daar was behoorlik kennis gegee aan die huurder van ŉ erf om die kantoor te besoek in verband met sy agterstallige rekening. Daarna is die dorpinspektoraat afdeling gevra om in die oggende op ŉ billike tyd by dié huise aan te gaan as die mense nie gereageer het nie, en indien so ŉ persoon bereid sou wees om saam met die inspektoraat na die kantoor te kom, is hy daarheen vervoer.

Aangehou, het u gesê. -- Wel, ek ... (tussenbei)

Wil u daardie woorde ... (tussenbei) -- Ek wil dit terugtrek, nie aangehou nie, hulle was geleentheid gebied om saam te kom.

Wel, ek wil aan u stel dat u wel korrek was die eerste keer, dat mense daar aangehou is van 01h00 - hulle is aangehou soos u die eerste keer gesê het. -- Nee, dit is nie korrek nie. Nie in dié sin wat u "aanhou" bedoel nie.

U is sekerlik bewus van die betekenins van die woord "aangehou" en u het die woord gebruik. Is dit nie so nie? -- Ek het hom gebruik, maar ek het myself mos nou verduidelik. Ek het bedoel by "aanhou" nie in terme wat u dit bedoel het nie. Hulle was daar by die kantore gehou in der waarheid totdat ŉ amptenaar met hulle kon praat. Nie in bewaring nie.

Is dit beweer dat mense gedwing is deur die wagte wat hulle daar genooi het om ŉ dokument te teken dat hulle aanvaar om te verskuif word na die nuwe skema? -- Dit is totaal onwaar.

Hoe weet u dit? -- Omdat daardie dinge nie gebeur nie.

Was dit beweer dat dit wel gebeur het? -- Dit mag so beweer gewees het, maar dit is nie bewys nie.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Is dit ook beweer dat ten minste 230 vier-kamer huise aan mense toegestaan is wat van buite die ou lokasie of Silvertown oorspronklik gekom het? -- Daar was so 'n bewering gemaak.

Is dit ook beweer dat die komitee van die Raad wat die huise toegestaan het op 'n onreëlmatige manier opgetree het? -- Sulke bewerings is gemaak.

En is dié bewerings in die openbaar gemaak, ook in die koerante? -- Dit is korrek.

En is daar bewerings in die openbaar, insluitende in die koerante, dat daar 'n storm van protes was in Tsakane oor die optrede van die komitee van die Gemeenskapsraad? -- Dit is korrek.

En is daar in 'n departementele kommissie van ondersoek aangestel om die bewerings te ondersoek? -- Dit is korrek.

En ek wil nie die hele dokument inhandig nie, maar net die slotsom daarvan, u is sekerlik bewus van die slotsom van die kommissie? -- Ek weet nie watter dokument u daar het nie.

Wel, dit is geteken deur mnr. Marx. Maar in elk geval, ek wil net vra of u kennis dra van die volgende bevindings:

> 'Certain unexplained changes were made on some files that could have influenced the allocation of houses to people who may not have been entitled to such houses.'

Is u bewus van daardie bevinding van die kommissie? -- Ja.

Kan u vir ons sê hoeveel van dié veranderings in die lêers gemaak was? -- Ek kan dit nie vir u sê nie. Die aanmerking was gemaak deur die voorsitter van die kommissie van ondersoek, wat die ondersoek behartig het.

Die selfhelpskema, hoeveel kamers sou by elke huis wees by die selfhelpskema?

<u>HOF:</u> Gaan ons nou weg van die onderwerp af? Wat was die

resultaat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

resultaat van die kommissie? -- Die kommissie het die ondersoek voltooi, die verslag is deurgestuur na die Ontwikkelingsraad wat daarna nog geen verdere aksie geneem het, na my kennis.

Daar is nie na u toe teruggekom en gesê julle moet dit of dit doen of regstel of wat ook al nie? -- Wat gebeur het, die persoon wat in beheer was van die projek selfhelp, het die verslag gekry van die kommissie, hy het daarop self kommentaar gelewer, ekself het my kommentaar gelewer en dit deurgestuur na die beherende instansie, die hoofdirekteur van die Ontwikkelingsraad van daardie tyd. Sedertdien het ons geen verdere korrespondensie of enigiets van hulle ontvang nie.

MNR. BIZOS: Is daar enige stappe geneem teen enige beampte, òf van die Ontwikkelingsraad òf van die Stadsraad? -- Geen.

Dra u kennis dat een van die aanbevelings van die kommissie is dat -

> 'The East Rand Development Board investigate the irregularities contained in this report and take the necessary steps against officials who may be guilty of deficiency and/or negligence'.

-- Ek is bewus daarvan.

Is daar enige stappe teen enige persoon geneem? -- Nie tot op hierdie stadium nie.

Was dié aan u gestuur gedurende Julie 1985? -- Ongeveer.

HOF: Hoeveel gevalle was nou betrokke by dié verslag? Die advokaat het gepraat van 230 gevalle. Hoeveel gevalle het hierdie kommissie gevind waar daar nou 'certain unexplained changes on some files' was? -- As ek korrek kan onthou dan was daar in totaal nie meer as 22 gevalle wat uiteindelik deur die kommissie hanteer is nie.

MNR. BIZOS: /...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. BIZOS: Dié kommissie was deur 'n lid van die Ontwikkelingsraad gehou? -- Nee, die voorsitter van die kommissie was 'n amptenaar van die Departement Samewerking en Ontwikkeling en dan was daar lede van die ad hoc Home Seekers Committee ook op die kommissie.

En raadslede ook? -- Dit is korrek.

Of dit nou korrek is of nie, was dit beweer na die kommissie se bevindings gemaak is dat die raadslede getuies geintimideer het om nie by die kommissie te kom getuig van korrupsie? -- Dit het nie tot my kennis gekom nie.

Was daar 'n enkelkwartiere, hostels in Tsakane? -- Dit is korrek.

En was daar moeilikheid tussen die inwoners van Tsakane self wat in huise gewoon het en die inwoners van die hostels? -- Daardie hostel is, voor hy nou vernietig is en met die onluste, seker vir meer as 20 jaar in bedryf. Voorheen was daar nooit sulke probleme tussen die inwoners van die hostel en die permanente inwoners nie. Juis in hierdie tydperk van onlus het daar 'n uitbarsting gekom na 'n begrafnis sekere inwoners die biersaal by die hostel aangeval, aan die brand gesteek het. Toe het die inwoners van die hostel, in Engels sê ons 'retaliate'.

HOF: Weerwraak geneem. -- Hulle het weerwraak geneem teen die aanslag vanaf die permanente deel.

MNR. BIZOS: Wie was die persoon of persone wat begrawe was? -- Dit was onlusslagoffers.

Onlusslagoffers. Hoeveel van hulle? -- Ongeveer agt.

Wie het hulle doodgemaak? -- nee, dié kan ek nie vir u sê nie, ek weet self nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat dit die inwoners van die hostels was? -- Ek het reeds gesê ek kan nie

vir/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

vir u sê nie.

Wanneer was dit? -- Dit was in die omgewing van, as ek die datum nou korrek moet onthou, Maart - nee, dit is vroeër. In die omgewing van Oktober 1984.

Het die inwoners van Tsakane van tyd tot tyd in optog na die kantore gekom, het hulle na die kantore marsjeer? -- Na die administratiewe kompleks?

Ja. -- Die inwoners van Tsakane?

Ja. -- Nee, die enigste wat in optogte georganiseer was, was die inwoners van Silvertown.

Het die inwoners van Tsakane nie hulleself vereenselwig met die inwoners van Silvertown? -- Nie by wyse van optogte nie.

En was die optogte op 2 Februarie 1985 en 1 Maart 1985 gehou? -- Dit was in daardie tydvak.

Stem u saam dat daar was geen geweld of enige moeilikheid nie? -- By die administratiewe kompleks geen.

Of op pad daarheen? -- Op pad terug was daar geringe skade aangerig aan huurhuise van die Raad.

Wanneer was dit? -- In daardie tydvak wat u nou genoem het, Februarie.

Na die optog? -- Na die optog, nadat die SAP hulle gevra het om vreedsaam uitmekaar te gaan.

Was u daar? -- Ek was op daardie stadium daar.

Wanneer? -- Die dag toe daardie optogte na die kantoor in aantog was.

Ek wil aan u stel dat daar ŉ aantal optogte was deur die inwoners en daar was geen geweld voor, gedurende of na die optogte. -- daar was demonstrasies in die woongebied self wat seer sekerlik moontlik uitgeloop het op niks daarna nie.

<u>HOF:</u> Maar wat is die antwoord nou? Die stelling is dat daar

nooit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nooit enige optogte was waar daar skade aangerig is nie. -- Ek het verstaan ek is gevra om te sê, dié optogte van Silvertown of daar enige skade daarna aangerig was. Toe het ek gesê by die kantore self nie, maar nadat die SAP die optogmakers gevra het om uiteen te gaan, was daar in die woongebied geringe skade in die vorm van stukkende ruite, klippe gegooi na Raadshuise.

MNR. BIZOS: Wanneer het dit gebeur? -- Met die optog soos u dit nou gestel het, 2 tot 5 Februarie.

En u sê u was daar en u het dit gesien? -- Ek was daar.

Kan u vir ons enige detail gee sodat ons die insident kan vasstel? -- Ek was by die kantoor. Die stasiebevelvoerder het die optogmakers versoek om vreedsaam uitmekaar te gaan. Ek het nie hulle vergesel terug nie. Daarna is rapporte ontvang.

O, uself, van u eie kennis, u weet nie van enige geweldpleging na die optogte nie? -- Behalwe dit wat ek nou vir u gesê het, die beskadiging.

Wat u gesê was? -- Ja, dit was 'n rapport wat aan my gemaak was.

Was u teenwoordig ooit toe die eiendom van enige van die raadslede beskadig was of nie? -- Op die toneel?

Ja. -- By dié van die voormalige raadslid, voormalige voorsitter van die Gemeenskapsraad, raadslid S.C. Misiel, was ek binne observasieafstand van die brandstigting.

Wanneer was dit? -- Van raadslid Misiel?

Ja. -- Dit was in die omgewing van Maart 1985.

Behalwe daardie insident, was u ooit in die omgewing van enige - toe skade gedoen is aan enige raadslid se eiendom? -- Praat u van raadslede?

Raadslede, ja. -- Dit was die enigste raadslid by wie

ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ek teenwoordig was.

U het ook van padversperrings gepraat. Wanneer is die eerste padversperrings gesien deur u self? -- Dit was in Oktober 1984.

En toe ons by Oktober 1984 was, was daar baie publisiteit van gebeurtenisse by ander woonbuurte in die koerante en op televisie, ensovoorts. -- Dit is korrek.

Vir 'n paar maande voor die onluste na Tsakane gekom het? -- Dit is korrek.

Wou u sê in u hoofgetuienis dat die ad hoc-komitee van Home Seekers eers in Januarie 1985 gestig is, of dit is net wanneer u vir die eerste keer amptelike kennis van hulle bestaan gekry het? -- Die laaste aanmerking is korrek.

Goed. Daar is net een vraag wat ek wil op terugkom, ek wil nie daarvan vergeet nie. Hoeveel kamers sou daar by die selfhelpskemaplan wees, hoeveel kamers? -- Die plan het voorsiening gemaak vir aanvanklik twee kamers, as eerste fase wat daarna uitgebrei sou word.

Maar met die lening waarvan ons gepraat het was net vir twee kamers. -- Dit is korrek.

Die ander was vier-kamer huise? -- Die ander was vierkamers.

Jammer, dat ek onderbreek het. Ek wil u vra of u enige polisiediens daar in die woonbuurt ooit uitgeoefen het?

HOF: Of hy self 'n polisieman was?

MNR. BIZOS: Nee, die werk van 'n polisiebeampte gedoen het? -- Of ek die werk van 'n polisie ... (tussenbei)

Ja. -- Nee, ek het dit nie gedoen nie.

Waarom het u met verkykers begrafnisse waargeneem? -- Omdat dit my taak was.

Omdat? -- Dit was my taak soos ek dit gesien het.

Watter/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Watter deel van jou taak? -- Om my op hoogte te bring met wat in die woongebied aangaan.

Was u ooit in die polisie? -- In die Polisiemag?

Ja. -- Nee.

Die totaal nie-betaling van geen gelde nie, van wanneer af was dit? -- Die nie-betaling?

Ja, van geen gelde in die gebied nie? -- Die grootskaalse insinking het plaasgevind na Oktober 1984 met die eerste uitbreek van (sin onvoltooi)

En is u bewus van die feit dat daar baie publisiteit was van soortgelyke optrede van mense in ander woongebiede voor Oktober 1984? -- Ja, ek is bewus daarvan.

Watse persoonlike kennis het u van die Krisiskomitee, Crisis Committee, watse persoonlike kennis het u van daardie komitee? -- Al kennis wat ek van die Crisis Committee het is dat hierdie komitee ontstaan het uit lede van COSAS, UDF en hulle het hulleself georganiseer met die massabegrafnis van die agt slagoffers.

Gee ons die name van die lede van die komitee, asseblief. -- Die name van die Crisis Committee?

Ja. -- Ek kan enkeles van hulle vir u noem wat gedien het daar op die Crisis ... (tussenbei)

U het persoonlike kennis van die persone wat by die komitee gedien het. -- Ja.

Wie was hulle? -- Ek sal vir u twee lede noem wat spesifiek hulle voorgestel het as lede van die Crisis Committee.

Ja, wie was hulle? -- Ene Laurence Mkhonza en 'n N.G.-predikant, ene ds. Ramala van Tsakane.

Niemand anders nie wat u persoonlike kennis dra? -- Ek dra nie die ander so van kennis nie, maar dit is die twee lede wat hulleself aan my geïdentifiseer het as lede van die

Crisis/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Crisis Committee.

En watter organisasie het elkeen van dié twee persone verteenwoordig? -- Dit kan ek nie vir u sê nie.

Kan nie sê nie. En wie het COSAS op dié komitee verteenwoordig? -- Dit kan ek ook nie vir u sê nie.

En wie het die Home Seekers Committee by die komitee vertéenwoordig, van u persoonlike kennis? -- Al wat ek daar kan aflei is dat mnr. Mkhonza wat die skakelbeampte van die House Seekers was die enigste lid was op daardie Crisis Committee van die House Seekers.

Maar hoe weet u dat hy op die Crisis Committee was? -- Omdat hy vir homself aan my voorgestel het as lid van die Crisis Committee.

Ek dog hy is een van die twee? -- Dit is korrek.

O, ek sien. Wie was die UDF-verteenwoordiger op die komitee? -- Ek kan nie daarop antwoord nie.

Ek wil u vra in verband met die begrafnis van mnr. Raditsela. U sê dat daar was twee baniere daar, dit wil sê COSAS en die United Democratic Front. -- Dit is korrek.

Is daar enige rede waarom u besondere kennis geneem het van dié twee baniere? -- Ek was in ŉ observasieposisie by die begraafplaas, ek het die optog vanaf die kerk na die begraafplaas kon waarneem. Dit was die twee baniere wat ek met vrymoedigheid kon uitken en verklaar as die baniere wat ek genoem het.

Was dié twee die vooruitstaande baniere? -- Ja.

En was dié twee baniere die twee baniere wat in die onmiddellike omgewing van die kis van die oorledene daar was? -- Dit was in die optog na die kis van die oorledene.

Onmiddellik na? -- Nie onmiddellik nie, in die optog daarna. Ek kan nou nie onthou of hulle heeltemal voor, agter

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die kis was of ħ bietjie terug nie, maar hulle was waarneembaar.

Was daar enige baniere nader aan die kis as dié twee baniere wat u daar gesien het? -- Die twee waarneembaarste aan die stoet was die twee wat ek genoem het. Daar kon ander kleiner gewees wat as gevolg van my posisie nie sigbaar was nie.

U het nie die banier, die grootste banier wat daar was miskien, die FOSATU-banier daar gesien nie? -- Ek het dit nie kon waarneem nie, ook moontlik as gevolg van my posisie.

Ook nie die Chemical Workers Union-banier nie? -- Nie
K373 spesifiek waargeneem nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

DIE HOF VERDAAG VIR TEE. DIE HOF HERVAT.

JOHANNES MATTHYS VAN TONDER, v.o.e.:

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM: Hy gaan oor Duduza getuig. U is ħ sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie en gestasioneer te Dunnottar? -- Dit is reg.

Op 18 Mei 1985 het u diens verrig in Duduza. -- Dit is reg.

En u het Duduza binnegegaan ongeveer 10h00 van 18 Mei 1985. -- Dit is reg so.

Was u in beheer van enigiets? -- Ek was, ek het onder die bevel gedien van adjudant-offisier Coetzee.

HOF: Is dit die persoon wat al hier getuig het?

MNR. HANEKOM: Nee. En u was die bestuurder van ħ Caspir-voertuig? -- Dit is reg.

Waarom is u dié dag na Duduza ontbied vir diens, wat het gebeur in Duduza dié dag? -- Dit is as gevolg van ħ begrafnis wat sou plaasvind van ene Swartvrou Patricia Tobela.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Het u patrollie gery met die Caspir-voertuig in Duduza? -- Dit is reg so, ons het patrollies gery.

Tot hoe laat het u patrollies aangehou? -- Tot ongeveer wanneer die begrafnisverrigtinge verby sou gewees het.

Wanneer het die begrafnis plaasgevind dié dag? -- Die begrafnis het om ongeveer so 13h00, 12h00 het die begrafnis begin.

HOF: Praat u nou van die diens in die kerk? -- Dit is reg, wanneer dit begin het.

MNR. HANEKOM: Is dit korrek, net na 14h00 is u met die voertuig na Letsapastraat in Duduza? -- Dit is reg so.

Het u daarna die begrafnisstoet opgemerk? -- Dit is reg. In Letsapastraat het ons gestaan met die Caspir-voertuig en die begrafnisstoet het op die hoeke van Serema- en Letsapastrate verbybeweeg waar ons hulle dopgehou het.

Hoe ver was u ongeveer van dié straat af waar die stoet beweeg het? -- Ons was ongeveer plus-minus 50 meter vanaf die stoet.

Het u die kis gesien? -- Dit is reg. Die kis was skouerhoogte deur sekere Swartmense gedra wat deel was van die stoet.

Wat het u opgemerk van die kis? -- Ek het 'n stuk lap of materiaal op die kis opgemerk wat op die kis uitgedrapeer was met drie verskillende kleure, swart, groen en geel.

Het u in die stoet enige baniere gesien? -- Dit is reg. Ek het 'n banier gesien, 'n wit lap met die woorde in swart COSAS op geskryf gestaan het.

Het van die mense in die stoet T-hemde aangehad? -- Dit is reg, hulle het wit T-hempies aangehad wat voor op hulle borse in swart geskryf gestaan het COSAS.

Was dit net enkelinge wat dié hempies aangehad het of

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was daar baie mense met dié COSAS T-hemde? -- Daar was baie mense wat die T-hempies aangehad het.

Nadat die stoet by dié punt verbybeweeg het waar u observasie gehou het, het u die stoet agtervolg met die Caspir-voertuig of wat het gebeur? -- Nee, ons het op 'n veilige afstand het ons dié stoet dopgehou soos wat hy beweeg het. Ons het nie nader beweeg nie, maar ons het hom op 'n veilige afstand dopgehou.

Kon u van waar u die stoet dopgehou het die begraafplaas sien? -- Dit is reg so.

Wat het gebeur toe die stoet by die begraafplaas aankom? -- Terwyl die stoet die begraafplaas binnebeweeg het, het 'n groep van ongeveer plus-minus 100 Swartmense op 'n gebou wat langsaan die begraafplaas gestaan het se dak geklim en begin skreeu en die gebalde vuis getoon.

Wat het nog gebeur met die stoet? Het daar nog groepe gevorm of weggebreek? -- Nee, slegs die groep wat op die dak gestaan het en dan 'n groep van plus-minus 500 Swartes het weg van die stoet af beweeg in die rigting van die Swart-woongebied, dit is nou in ons rigting waar ons in Letsapa-straat gestaan het met die Caspir-voertuig.

HOF: Dit is nou voordat die begrafnis voltooi was? -- Dit is reg, terwyl die stoet nog die begrafnis inbeweeg het.

MNR. HANEKOM: Wat het u opgemerk van dié groep wat u sê ongeveer 500 was wat na julle beweeg het? Het hulle stil beweeg of wat was die posisie? -- Nee, hulle het geskreeu en gespring en dan natuurlik die gebalde vuis getoon.

Het u enigiets opgemerk in verband met dié groep mense se kleredrag? -- Dit is reg. 'n Paar wat deel uitgemaak het van daardie groep van 500 het ook soos ek gemeld het hierdie T-hempies aangehad, wit met die COSAS voor op die bors

geskryf/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

geskryf en natuurlik ook blikplaatjies, 'n wit blikplaatjie op hulle borse gehad met in swart ook COSAS geskryf.

Wat het gebeur toe die groep nader aan jou Caspir-voertuig kom? -- Toe die groep nader aan ons beweeg, so plus-minus 30 meter van ons af, het die groep ons begin, die Caspir-voertuig begin met klippe bestook, maar voordat hulle ons met klippe bestook het, het hulle eers 'n voorwerp, 'n onbekende voorwerp wat gelyk het soos 'n stoel in die pad aan die brand gesteek.

Nadat die Caspir-voertuig met klippe gegooi is, het julle opgetree? -- Dit is reg. Die lid in bevel, adjudant-offisier Coetzee het bevel gegee dat ons traanrook op die groep moet vuur.

Het julle traanrook gevuur? -- Dit is reg so.

Het die groep uiteen gegaan of wat het gebeur? -- Nee, die groep het nog steeds aggressief teenoor ons opgetree en ons het 'n bietjie verder wegbeweeg omrede ons bang was dat hulle ons sou omsingel.

Het julle terugbeweeg? -- Dit is reg, laer af in Letsapa-straat.

Wat het toe gebeur? -- Die groep het ons nog steeds gevolg en toe weer met klippe begin bestook en ook met petrolbomme gegooi.

Het van die petrolbomme die Caspir getref? -- Dit is reg. Een van die petrolbomme het die Caspir bo op die rand getref en na binne-in die Caspir geval.

Het die bom aan die brand geslaan? -- Hy het aan die brand geslaan en die vlamme het na binne geval en twee van die lede wat deel was van die bemanning, konstabel Vorster en konstabel Van der Sandt se uniforms het aan die brand geraak.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Is die twee lede wat u genoem het beseer? -- Hulle is slegs lig beseer, maar die vlamme is self met hulle hande geblus.

Hoeveel lede was binne-in die Caspir-voertuig? -- Saam met my was ons nege lede gewees.

Wat het daarna gebeur? -- Die Caspir-voertuig het binne ook aan die brand geslaan, hy is uitgevoer met mat en die mat het aan die brand geraak, maar dit is deur middel van ŉ brandblusser wat in die Caspir was is dit geblus.

Het julle opgetree teen die groep? -- Daarna het adjudant-offisier Coetzee bevel gegee dat ons rubber koeëls en ook traanrook moet gebruik op die skare.

Het julle dit gedoen? -- Dit is reg, ons het dit gedoen.

Wat het toe gebeur? -- Die groep het toe uiteen gegaan en in verskillende rigtings in die woongebied ingegaan.

Wat het julle gedoen? Het jy daar op die plek gebly? -- Nee, ons is toe onderweg na ons basis waar ons gaan ammunisie aanvul het.

Het jy daarna teruggekeer na Letsapastraat? -- Dit is reg, ons het daarna teruggekeer na die zone wat aan ons toevertrou is en ons is toe weer onderweg in Letsapastraat.

Hoe lank nadat die groep uiteen is en julle weg is het julle teruggekeer na Letsapastraat? -- Dit is ongeveer 10 tot 15 minute.

Wat het jy toe opgemerk in Letsapastraat? -- In Letsapastraat het ek een van die Swartspeurders, adjudant-offisier Richard Mapileba se huis was aan die brand, sy dak het bo aan die brand geslaan en hy was toe besig om die vuur uit sy eie uit te blus met ŉ tuinslang wat hy in sy tuin gehad het.

HOF: Wat is sy van? -- Mapileba.

MNR. HANEKOM: Het jy gesien wat die brand veroorsaak het by

sy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

sy huis? -- Dit is reg, hy het 'n platdakhuis aan die voorkant en ek het 'n petrolbom bo-op die dak gesien brand.

Het jy gesien toe die petrolbom gegooi is? -- Nee, ek het dit glad nie gesien nie.

Was daar nog mense op die toneel? -- Daar was geen mense op die toneel nie, behalwe adjudant-offisier Mapileba en sy gesin.

Is die vlamme geblus by sy huis? -- Ja, die vlamme is toe met die tuinslag geblus.

Hoe ver is hierdie huis van die plek af waar die groep vroeër uiteen is, ongeveer? -- Van waar die groep uiteen gejaag is?

Waar julle die groep uiteen gedryf het? -- Ongeveer 30 meter.

Waarheen het jy toe vertrek? -- Ons het toe 'n berig oor die radio ontvang dat konstabel William Mnguni se huis ook aan die brand is.

Het jy na dié huis gegaan? -- Dit is reg, dit is in Mofokengstraat, ons is toe onderweg na konstabel Mnguni se huis.

En hoe ver is sy huis ongeveer van adjudant Mapileba se huis af? -- Dit is ongeveer, so ongeveer 'n kilometer.

Wat het jy opgemerk by Mnguni se huis? -- Met ons aankoms het ek gemerk dat sy huis se ruite uitgegooi is en dat die huis aan die agterkant en aan die sykante aan die brand is.

Was daar mense op die toneel? -- Slegs konstabel Mnguni en sy gesin en ons kon self nie die vuur blus nie omrede dit alreeds te groot versprei was. Ons het toe die Lugmagbasis, Vliegopleidingskool het toe sy brandweerafdeling beskikbaar gestel en hulle is toe met ons beskerming het hulle die brand geblus.

Kon jy vasstel hoe Mnguni se huis aan die brand gesteek

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

is of aan die brand geraak het? -- Dit is reg, nadat die vuur geblus is, het ons die huis binnegegaan en petrolbomme wat alreeds gebreek was daar opgemerk.

Was daar na hierdie voorval by Mnguni se huis dié dag, daardie dag 18 Mei nog voorvalle in Duduza waar jy betrokke was of nie? -- Daar was voorvalle van ander polisiemanne se huise wat geplunder is, maar ek was self nie betrokke daarby nie, ek het dit die volgende dag toe ek weer aan diens rapporteer het ek dit in die voorvalleboek opgemerk.

Op dié twee dae wat jy patrollies in Duduza gedoen het, 18 en 19 Mei, was daar enige padversperrings? -- Dit is reg so. Daar was groot klippe in die pad gerol, brandende motorbande, ou voertuigwrakke. Hulle het diep slote gegrawe en daaroor is sinkplate geplaas.

Waar is die slote gegrawe? -- In die strate, grondstrate, en hulle het ook drade gespan vir die Caspir, vir die bemanningslede wat op die Caspir staan.

Hoe is die drade gespan, kan u net meer verduidelik? -- Dit is aan die lamppale, die een punt aan die lamppaal vasgemaak en dan weer tot by 'n ander lamppaal het hulle dit gespan.

So dwarsoor die pad? -- Dit is reg, dwarsoor die pad.

Op hoe 'n hoogte? -- Dit is ongeveer 'n halwe meter, bietjie minder as 'n halwe meter bo die Caspir vir die bemanningslede as hy regop staan.

Dra jy kennis of enigiemand beseer is deur drade wat so gespan is? -- nee, nie van drade wat gespan is nie, maar wel van Caspir-voertuie wat daardie slote waaroor die sinkplate geplaas is, wat dit daarin vasgeval het.

HOF: Kruisondervraging.

MR BIZOS: My Lord, we were neither informed of any of these

details/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

details, nor do we have any instructions. I do not know what in the circumstances to suggest. We were told one thing, I was not personally involved, by Mr Tip, that ... (intervenes)

COURT: But were you not told that there would be evidence on Duduza?

MR BIZOS: From Duduza by a police officer and this is what I was told precisely, that there would be evidence of a police officer that was himself attacked, that was what Mr Tip communicated to me.

COURT: This gentleman?

MR BIZOS: Yes, obviously, but that is all I was told and I thought well, if that is it then - but we have no instructions about these events.

COURT: But you did in any event in the case of a previous witness cross-examine on Duduza?

MR BIZOS: On Duduza, on Duduza, yes we did, but Your Lordship will recall what the cross-examination was. It was in relation to matters which what the Civic Association did and what the other organisations did, but we have no instructions in relation to any of this detail. I have a suggestion to make which I hope will meet with Your Lordship's approval and My Learned Friend. I made an ad hoc decision, without having an opportunity to consult with either the accused nor my colleague. I have noticed that these events relate to 18 May 1985, which I think is a date after everyone of the accused was already in custody and I would suggest that the witness goes and that we try and get some information in relation to this and make a valued judgment as to whether we really want to put it in issue or not and then address an application to Your Lordship in due course, but I cannot



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

deal with the witness's evidence.

COURT: I will note that you have no questions at this stage.

MR BIZOS: At this stage, due to a no-fault of ours.

COURT: Well, I have also noted what your reasons are and then this evidence is terminated hereby and you can address an application to me later.

MR BIZOS: If the need arises in relation to this.

GEEN VERDERE VRAE

MNR. HANEKOM: Edele, ek wil darem net op rekord plaas dat die verdediging spesifiek ingelig is dat die getuie sal getuig oor die begrafnis van Tobela op 18 Mei 1985. Daar is heelwat detail aan hulle verskaf deur my persoonlik.

HOF: Ja, het u nog getuies?

MNR. HANEKOM: Ons gaan dan na Thabong. Dit is Stephanus Johannes Hugo.

STEPHANUS JOHANNES HUGO, v.o.e.:

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM: U is 'n adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Welkom. -- Dit is korrek.

En u is verbonde aan die Veiligheidstak? -- Dit is korrek.

Sedert wanneer is u op Welkom gestasioneer? -- Sedert 1978.

En het u sedert 1978 gereeld diens gedoen in Tabong, die Swartwoongebied by Welkom? -- Dit is korrek.

Gedurende 1984 het u enige organisasies in Thabong bemerk? -- Dit is korrek.

Watter organisasies was dit? -- COSAS.

Hoe was u bewus van COSAS se teenwoordigheid in Thabong? -- Hulle het gereeld vergaderings gehou in die Swartwoonbuurt. Hierdie vergaderings was gehou in die Rooms Katolieke Kerk, sowel as in huise.

In/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

In watse huise is die vergaderings gehou? -- In COSAS-lede se huise.

Kan u spesifieke huise of persone se huise aan die Hof meld waar sulke vergaderings gehou is? -- Ja, huis nr. 2914.

Wie se huis is dit? -- Dit is die huis van Billy Makobo.

Het u Billy Makobo persoonlik geken? -- Dit is reg.

Het u persoonlike kennis of hy aan enige organisasie verbonde was? -- Dit is reg, hy was 'n COSAS-lid en hy het ook op die komitee van COSAS gedien.

Hoe het u dit geweet? -- Uit die aard van my werk het ek gereeld inligting gekry en geweet dat hy 'n COSAS-lid is en op die komitee gedien het.

Is die vergaderings wat deur COSAS gehou is in die woongebiede adverteer? -- Dit is korrek.

Vooraf. Hoe is dit adverteer? -- Dit is deur middel van plakkate wat op substasies sowel as aan mure van geboue aangebring is.

In Juliemaand 1984 was daar enige probleme by die Teto Hoërskool in Thabong? -- Dit is korrek.

Het u na die skool gegaan in Julie 1984? -- Dit is korrek.

Kan u onthou op watter datum u gegaan het of nie? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Het die skoolhoof aan u enige dokumente getoon of gegee? -- Dit is korrek.

Watse dokument was dit? -- Dit was 'n dokument waar hulle sekere eise aan die skool gestel het.

<u>HOF:</u> Wie is hulle? -- Dit is die studente.

<u>MNR. HANEKOM:</u> Het die dokument gemeld deur wie dit opgestel was? -- Nee, dit was nie gemeld deur wie was dit opgestel nie.

Wat was die eise gewees? -- Van die eise wat ek kan onthou

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was die afskaffing van lyfstraf, die onmiddellike in werkingstelling van die SRC, die ander kan ek nie onthou nie.

Het die skool in daardie tyd normaalweg gefunksioneer of is die skool gesluit, wat het gebeur? -- Die skool is toe gesluit as gevolg van die eise waar daar nie kan aan voldoen het nie en was vir ꞌn bepaalde tyd gesluit.

HOF: Wel, is die skool gesluit as gevolg van hierdie dokument wat aan die prinsipaal oorhandig is of was daar meer as dit? -- Dit was net die eise waar hulle nie aan kon voldoen het nie en as gevolg daarvan het klasseboikot voorgekom en die skool is toe gesluit.

MNR. HANEKOM: Op 1 Augustus 1984 is u die oggend weer na Teto-skool toe? -- Dit is korrek.

HOF: Die Teto, is dit T-e-t-o? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM: Wat het die dag by die skool gebeur of wat moes gebeur? -- Op dié spesifieke dag moes die matriekleerlinge weer herinskryf volgens die regulasies van die Departement van Onderwys en Opleiding.

Wil u nog iets sê? -- Op die spesifieke dag het meer studente as net die matrieks na die genoemde skool toe gegaan.

HOF: Die skool was nog gesluit daardie tyd? -- Op daardie 1ste het die skool heropen net vir die matrieks.

Hy sou net vir matrieks heropen, die res sou nie opdaag nie? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM: Wat het u toe daar waargeneem, wat het gebeur? -- Ek het waargeneem dat ꞌn groep studente van ongeveer 400 saam groepeer op die skoolterrein. Tydens hierdie groepering van die studente het ek gesien hulle sing vryheidsliedere. Een wat ek kan onthou is Siyenzeni Na. Een van die studente, naamlik Billy Makobo, het as leiersfiguur volgens my mening

by/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

by die studente opgetree.

Waarom sê u dit? -- Hy het die studente toegespreek en hy het voor hulle gestaan en as die leier vir my opgetree.

Was hy 'n skolier aan dié skool of weet u nie? -- Dit is korrek.

Goed, wat het verder gebeur? -- Ek het toe naderbeweeg en nog 'n student, naamlik George Mamakwe, ook in die groep opgemerk terwyl hy geklee was in 'n UDF T-hempie.

Het u persoonlike kennis gedra of hy aan enige organisasie verbonde was? -- Ja, hy was ook 'n COSAS-lid.

Wat het u gedoen? -- Ek het toe naderbeweeg na die groep toe. Ek het gehoor dat die skoolhoof, mnr. Hanekom, die studente meedeel hulle moet in die klasse gaan of die skoolterrein verlaat. Die studente het na 'n oomblik het hulle die skoolterrein verlaat en reg voor die skool in die straat weer gegroepeer.

Was daar polisie, behalwe u, in die omgewing? -- Daar was ander polisie.

Waar was - of stel dit eers so, hoeveel polisiemanne was daarso? -- Ek weet nie hoeveel polisiemanne was daar nie.

Was hulle naby die skool of wat was die posisie? -- Hulle was ongeveer so 200 meter van die skool af waar hulle gestaan het.

Wat het toe gebeur? -- Hierdie groep studente het toe weer begin vryheidsliedere sing. Die gebalde vuis het telkens voorgekom en dit was duidelik dat jy gesien het hulle wil oproerig raak. Ek het toe gesien die polisie het naderbeweeg en hulle gewaarsku om uiteen te gaan. Die groep het oproerig geraak en in die Swartwoonbuurt opgehardloop.

Het u toe later dieselfde oggend in die Swartgebied van Thabong rondbeweeg? -- Dit is korrek.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wat het u waargeneem? -- Ek het op verskeie voertuie afgekom wat aan die brand was. Ek het ook op ŉ biertuin afgekom en met my aankoms daar het ek verskeie drankbottels in die omgewing aangetref. By die biertuin was ŉ afleweringstrok van die bierbrouery en ek het gevind dat al die drank wat op die voertuig was, was verwyder.

Was dit ŉ privaat biertuin of aan wie het dit behoort? -- Op daardie stadium het dit aan die Gemeenskapsraad van Thabong behoort.

HOF: Bedoel u met verwyder dat dit ingedra is in die biersaal in? -- Nee.

MNR. HANEKOM: Wat bedoel u dan? -- Volgens die bottels wat in die omgewing gelê het, kan jy gesien het dit is verwyder van die voertuig af in die woongebied in.

Wat was die toestand by die ander skolte in Thabong? -- Al die skole is op daardie spesifieke dag ontwrig. Nie een skool het daarna gefunksioneer nie.

HOF: Het hulle voorheen gefunksioneer? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM: Hoeveel skole was daar in Thabong? -- Daar is vier hoërskole en ongeveer 11 laerskole.

Wat het die volgende dag gebeur? Het die skole weer normaal aangegaan of wat het gebeur na dié dag? -- Nee, daar was geen skool op daardie volgende dag nie. Die woongebied was normaal stil gewees tot ongeveer 12h00 daardie spesifieke dag, toe het daar algehele onluste weer plaasgevind.

HOF: U bedoel gelyktydig by die hele woonbuurt of van plek tot plek? -- Nee, die hele woonbuurt.

Het dit om 12h00 gelyktydig begin oor die hele woonbuurt? -- Hoofsaaklik het dit in die hoofstraat, Metoeshi, uitgebreek en daarvan af het dit uitgebrei na die ander strate toe.

MNR. HANEKOM: /...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. HANEKOM: En het die skole na daardie dag weer gefunksioneer of wat het gebeur, was die skole gesluit? -- Die skole is daarna, het hulle besluit om die skole te sluit omrede die mense nie weer wil teruggaan skool toe nie.

HOF: Hoe lank het dit toe gesluit gebly? -- Ek weet glad nie.

ŉ Kwessie van ŉ dag of ŉ kwessie van maande? -- Dit was ŉ week na twee weke dink ek.

MNR. HANEKOM: Op 11 Augustus 1984 is daar in Thabong ŉ begrafnis gehou van ene Ephraim Loape. -- Dit is korrek.

HOF: Loape? -- Dit is reg.

MNR. HANEKOM: Het u by die begrafnisdiens observasie gehou? -- Dit is korrek.

Waar is die diens gehou? -- Die diens het plaasgevind in die Philip Smit-sentrum.

Is dit in Thabong? -- Dit is korrek.

Wat het gebeur terwyl u daar was? -- Terwyl ek daar diens verrig het was ek ontbied na ŉ padblokkade by die ingang van Thabong-Swartwoonbuurt. Met my aankoms daar het hulle vir my gesê ek moet ŉ voertuig deursoek, voertuig JWV566T. Ek het Terror Lekota daar gesien. Ek het my aan hom voorgestel en ek het vir hom gevra of hy die bestuurder van die voertuig is. Hy het toe vir my bevestigend geantwoord. Ek het hom meegedeel dat ek sy voertuig wil deursoek. Ek het sy bagasiebak van sy voertuig het ons oopgemaak en in sy teenwoordigheid het ek ŉ aantal dokumente in die bagasiebak aangetref.

Ek dink ons kan hier ŉ bietjie kortsny.

HOF: U kan dit miskien nog korter sny en net vir die getuie vra of Terror Lekota ŉ persoon is wat in die beskuldigdebank staan.

MNR. HANEKOM: Dit is wat ek wil doen. Net eers dit vra, het

u/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

u mnr. Lekota voor daardie dag geken of nie? -- Dit is korrek.

Is dit beskuldigde 20? -- Dit is in die tweede ry, dit is korrek.

Het u beskuldigde 20 versoek om saam met u polisiestasie toe te gaan? -- Dit is korrek.

En het u daar beslag gelê op die dokumente en hom ŉ kwitansie gegee? -- Dit is korrek.

Het u beskuldigde 20 gevra waarheen hy op pad was die dag? -- Die beskuldigde het vir my gesê op daardie stadium ek moet gou maak, want hy is op pad na ŉ begrafnis van Loape.

Nadat u aan hom die kwitansie gegee het, het u hom laat gaan? -- Dit is korrek.

En waarheen het u gegaan? -- Ek het agter hom gery in die rigting van Philip Smit-sentrum.

Was die diens nog aan die gang? -- Op daardie stadium het hulle net klaargemaak.

En beskuldigde 20, wat het hy gedoen? -- Daarvan af het hy gery na die begraafplaas toe.

Is u ook na die begraafplaas toe? -- Dit is korrek.

Waar het u stelling ingeneem? -- Ek het ongeveer 100 meter van die graf aan die buitekant van die begraafplaas het ek stelling ingeneem.

Het u enige baniere daar waargeneem by die begrafnisgangers? -- Met die stoet wat na die begraafplaas toe beweeg het, het ek verskeie baniere wat met stokke vertoon is opgemerk.

Watse baniere was dit? -- Dit was ŉ COSAS-banier, UDF-banier en ŉ AZAPO-banier.

Het u beskuldigde 20 daar gesien? -- Dit is korrek.

Waar het u hom gesien? -- Ek het hom by die graf gesien waar hy op die grond, op ŉ hoop grond wat by die graf was

gestaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gestaan het.

Wat het hy gedoen? -- Hy het - uit sy houding en sy handgebare kon ek gemerk het dat hy die mense toespreek by die graf.

HOF: Wie was dié Loape? aan watter organisasie was hy verbonde? -- Hy het aan geen organisasie volgens my kennis behoort nie.

MNR. HANEKOM: Terwyl die begrafnis aan die gang was, het u nog 'n voertuig opgemerk wat daarnatoe gekom het? -- Dit is korrek.

Wat was dit? -- Dit was 'n wit Skyline.

Het u gesien wie die bestuurder was? -- Ek kon sien wie die bestuurder was, dit was Aubrey Mokoena.

Wat het hy gedoen? -- Hy het sy bagasiebak oopgemaak en 'n 'Release Mandela'-banier tevoorskyn gebring.

Wat het hy daarmee gemaak? -- Hulle het hom vertoon en na die graf toe geloop met hom.

Wat het net na die begrafnis gebeur? -- Net na die begrafnis het 'n groep van ongeveer 1 000 terugbeweeg in die woongebied in. Ongeveer 500 meter van die uitgang van die begraafplaas het ek gesien die groep gooi klippe na die polisie. Die polisie was noodgedwonge om op te tree teen die mense wie hulle met klippe gooi.

Was daar enige voorvalle verder die dag in Thabong? -- Dit is korrek. Daar was weer 'n aanval op 'n biertuin.

Is dit al? -- Dit is al wat ek kan onthou wat op daardie dag gebeur het na die begrafnis.

Op 14 Augustus 1984 is u weer na Teto Hoërskool toe? -- Dit is korrek.

Was die skool aan die gang of wat het gebeur? -- Nee, die skool was nie aan die gang nie. Ek het slagspreuke ...

(tussenbei)../...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

(tussenbei)

HOF: Nee, laat ons net duidelikheid kry nou. Was dit veronderstel dat die skool aan die gang moes wees of was hy nog departementeel gesluit? -- Hy was nog departementeel gesluit.

MNR. HANEKOM: Wat het u daar opgemerk? -- Ek het slagspreuke wat met wit bordkryt op die stoep aangetref.

Kan u die slagspreuke onthou? -- Ja.

Wat was dit? -- 'To Teto students, let us not be pressurised by the Whites. Thabong is going to fight Teto students. UDF did, AZAPO did and the ANC did, why can we not?'

Op 5 September 1984 is daar die aand 'n vergadering gehou in die Philip Smit-sentrum in Thabong. -- Dit is korrek.

Watse vergadering was dit? -- Dit was 'n ouervergadering gewees.

Wat was die doel van die vergadering? -- Die doel van die vergadering was om met die ouers te praat vir die heropening van die skolê.

Wie het die vergadering belê, wie wou met die ouers praat? -- Die Departement van Onderwys en Opleiding.

Het u observasie gehou by die saal? -- Dit is korrek.

Wat het daar gebeur? -- Die vergadering was net vir die ouers gewees. Ek het gesien dat die vergadering deur verskeie studente ook bygewoon is. Die vergadering moes om 18h00 begin het, maar het nie om 18h00 plaasgevind nie. Om ongeveer 19h00 het ek gemerk dat studente klippe na die saal gooi en daar het 'n algehele ontwrigting by die saal plaasgevind. Ek het ook verder opgemerk dat 'n groep studente, onder die leiding van Billy Makobo, die saal uithardloop en in die woongebied in hardloop.

Het die vergadering toe wel die aand plaasgevind of glad nie? -- Nee.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Was daar daarna daardie aand enige voorvalle in Thabong? -- Dit is korrek.

Wat was dit? -- Ek het op voertuie afgekom wat aan die brand gesteek is.

Watse voertuig was dit? -- Dit was ŉ groot vragmotor.

Was dit naby die saal of ver van die saal? -- Dit was redelik ver van die saal af.

Wat het u verder waargeneem? -- Ek het, terwyl ek met patrollie daar was, was ek per radio in kennis gestel van ŉ huis wat aan die brand is. Ek het onmiddellik na die huis toe gegaan en gevind dat dit een van my Swart-lede is, wie saam met my in Thabong werk wie se huis aan die brand gesteek is.

Wie se huis was dit? -- Adjudant-offisier Morolong.

Hoe ver is sy huis van die Philip Smit-sentrum af, ongeveer? -- Ongeveer een-en-ŉ-half na twee kilometer.

Was daar nog mense op die toneel by die huis wat gebrand het? -- Dit is korrek.

Watse mense was daar? -- Sy vrou en kinders was nog in die huis gewees, toe die huis aangeval was.

Het die huis heeltemal afgebrand of wat het gebeur? -- Die huis het totaal afgebrand.

HOF: En sy vrou en kinders? -- Hulle het by die agterdeur uitgevlug na bure wat daar naby was.

MNR. HANEKOM: Kon u vasstel hoe die brand veroorsaak is? -- Dit was deur middel van petrolbomme sowel as gewone petrol wat oor die plek gestrooi is, aan die brand gesteek.

Hoe het u dit vasgestel? -- By die toneel het ons gedeeltes van petrolbomme gekry, sowel as een in die voertuig.

Watse voertuig? -- Dit is adjudant-offisier Morolong se Cortina-voertuig, privaat een.

Het hy ook gebrand? -- Hulle het gepoog om hom aan die

brand/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

brand te steek, want die een petrolbom was binne-in die kar gewees.

Op 12 September 1984 het u die oggend diens gedoen in die omgewing van die Lesedeng Hoërskool in Thabong? -- Dit is korrek.

Wat het u daar opgemerk? -- Met my patrolies wat ek verrig het by die skool het ek reg voor die skool aan 'n draadheining het ek 'n plakkaat opgemerk. Dit was 'n bruin karton wat met gewone pen op geskryf was.

Het u daarop beslag gelê? -- Dit is korrek.

Is dit hierdie plakkaat wat ek aan u toon? -- Dit is korrek.

Kan dit ABA(53) wees?

HOF: Lees net vir ons uit wat daarop staan. -- 'Notice Lesedeng'.

Is dit Lesedeng, nie Leseteng nie? -- Lesedeng. 'n Senior Sekondêre Skool.

Wat staan daar? -- Senior Sekondêre Skool.

In Afrikaans? -- Engels, 'Senior Secondary School.'

U moet dit asseblief lees soos dit is. -- Goed. Die datum in die hoek is 12/09/1984. 'You guys stop from going to school or otherwise !!! by COSAS.' Verder is daar in 'n Swarttaal geskryf, ek is dit nie magtig nie.

MNR. HANEKOM: Ek het vertalings van die dele wat in die Swarttaal geskryf is wat ek sal ophandig.

HOF: Ons hou dit maar as ABA(53).

MNR. HANEKOM: Wil U Edele hê ek moet die vertaling uitlees vir die rekord of is dit nie nodig nie?

HOF: Is u lus?

MNR. HANEKOM: Nie regtig nie.

HOF: Slaan dit maar oor.

MNR. HANEKOM: Goed, sal u die plakkaat net ophandig, asse-

blief/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

blief. Op daardie stadium, op 12 September 1984, het die skool gefunksioneer of nie? -- Dit was die enigste hoërskool wat funksioneer het.

En het hy toe wel daardie dag funksioneer? -- Dit is korrek.

Dan wil ek net teruggaan in tyd na 25 Februarie 1984. Het u diens gedoen by die Rooms Katolieke Kerk in Thabong, is dit reg? -- Dit is korrek.

Wat het dié dag daar gebeur? -- Dit was die "een miljoen handtekening-kampanje" wat geloods is.

Watter organisasie se kampanje was dit? -- UDF.

En hoe het u geweet die kampanje is dié dag daar geloods? -- In die Swartwoonbuurt was orals plakkate aangebring waar die loodsing van hierdie "een miljoen handtekening-kampanje" geloods is.

Het die plakkate vermeld wie die spreker sou wees by die geleentheid? -- Dit is korrek.

Wie was dit? -- Desmond Tutu, Terror Lekota en Aubrey Mokoena.

Het u terwyl u daar diens gedoen het enige van hierdie mense wat u nou opgenoem het daar sien aankom? -- Dit is korrek.

MR BIZOS: I am sorry to interrupt. Will Your Lordship excuse accused 4 for a short while?

COURT: Yes, it is in order.

MR BIZOS: There is a problem which is apparently being attended on an ad hoc basis.

MNR. HANEKOM: Wie het u daar gesien? -- Aubrey Mokoena.

HOF: Gesien aankom? -- Dit is korrek.

MNR. HANEKOM: Wie nog? -- Terror Lekota.

Het u later foto's bekom? -- Dit is korrek.

Ek toon aan u 'n stel foto's, dit is reeds ingehandig as



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

AAY(55)1-8.

HOF: Is dit die foto's waar die fotograaf 'n probleem gehad het met die identifikasie?

MNR. HANEKOM: Dit is so. Ken u die persoon op foto AAY(55)(1)? -- Dit is korrek, dit is Aubrey Mokoena.

Was hy so geklee dié dag toe u hom daar gesien het? -- Dit is korrek.

En op foto AAY(55)(2) herken u dié persoon? -- Die persoon wat daar staan ken ek nie.

HOF: Die sittende, ken u hom? -- Ja.

Wie is die sittende? -- Dit is Bunga Kwaluga.

Wie is Bunga Kwaluga? -- Dit is reg.

Wie is dit? -- Dit is die UDF-ondersteuner in Welkom self.

MNR. HANEKOM: Gaan net na die derde foto toe, AAY(55)(3), ken u enige persone daar? -- Die heel eerste persoon wat sit is weer Aubrey Mokoena.

Wat eintlik so half afgesny is op die foto? -- Dit is korrek.

HOF: Dit is nou van links na regs neem u hulle? -- Dit is reg.

Goed, nr. 2? -- Ek ken haar nie.

Nr. 3? -- Ek ken hom nie.

Ja, 4? -- 4 is Bunga Kwalunga.

En 5? -- Is Terror Lekota.

MNR. HANEKOM: Beskuldigde 20. Foto AAY(55)(4) is weer 'n foto van Aubrey Mokoena. -- Dit is korrek.

AAY(55)(5) sit die mense nog in die volgorde waarin hulle sit op die derde foto. Die eerste vyf het u reeds opgenoem van links na regs tot by Terror Lekota. -- Dit is korrek.

Ken u die sesde persoon, die vrou? -- Dit is korrek, dit is Patricia Lungwane.

HOF: Wie is sy? -- Sy is ook 'n UDF-ondersteuner van Welkom.

MNR. HANEKOM: /...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. HANEKOM: En die persoon heel regs op die foto? -- Ek ken hom nie.

Op die sesde foto kom dieselfde mense voor? -- Dit is korrek.

Foto 7 is weer 'n nader foto van beskuldigde 20. -- Dit is korrek.

En die laaste foto weer van die mense by die tafel wat u reeds genoem het. -- Dit is korrek.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS: Persoonlik, uself, weet u van enige van die omstandighede wat voorgekom het by die skole te Welkom gedurende Junie, Julie 1984? -- By Teto Hoërskool het die probleme begin.

Ek wil nie u in die rede val nie, maar wat ek u vra is, ek vra u nie om van enige verslae wat u gekry het van die prinsipaal of enige ander persoon nie, van u eie kennis, weet u wat daar aangegaan het of nie? -- Nee.

Weet u of daar by die Teto Hoërskool moeilikheid, of daar moeilikheid was, van u eie kennis, of daar moeilikheid was tussen die studente of skoliere en die hoof en 'n sekere onderwyser daar, 'n sekere mnr. Rossouw. Van u eie kennis, weet u van enige moeilikheid? -- Nee.

HOF: I place on record that no. 15 is back.

MR BIZOS: No. 15 is back, thank you, My Lord. Van u eie kennis, weet u van enige griewe wat die skoliere daar gehad het teen die hoof, teen mnr. Rossouw en ander Blanke-onderwysers by die skool? -- Nee.

Weet u van u eie kennis of daar klagtes was van die afwesigheid van onderwysers in Wetenskap? -- Nee.

Weet u of daar klagtes teen die Blanke-onderwysers was van u eie kennis omdat hulle die skoliere as varke beskryf het of geroep het? -- Nee.

Weet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Weet u wat die taal wat die skoliere wou gebruik in die skool was, of dit nou Engels of Afrikaans was? -- Dit was Engels gewees.

Weet u van u eie kennis dat ten spyte van die feit dat dit 'n Engels-medium skool was, die Blanke-onderwysers Afrikaans gebruik het in die klaskamer? -- Ek weet nie.

En of die skoliere beswaar gemaak het oor die griewe? -- Dit kan moontlik wees.

Weet u of dit beweer was dat in Juliemaand 1984 dié mnr. Rossouw een van die skoliere geskop het? -- Ek weet nie.

En dat dit beweer was dat hy in die maag geskop is deur mnr. Rossouw. -- Ek weet nie.

En as gevolg van al die griewe en as gevolg van dié insident, die studente daar onrustig geword het. -- Ek weet nie.

Weet u of enige komitee van die skoliere probeer het om die moeilikhede te probeer oplos voor 23 Julie 1983? -- Dit is korrek, ek weet daarvan.

U weet dat daar 'n komitee was van skoliere wat probeer het om met die hoof te handel om die probleme op te los? -- Dit is korrek.

En uself het in u hoofgetuienis gesê dat as gevolg van die feit dat die eise van die skoliere kon nie nagekom word nie, is die skool gesluit. -- As gevolg van die klasse wat geboikot en die eise waar nie aan voldoen is nie, is die skool toe gesluit.

Wel, ek wil aan u stel dat dit as 'n strafmaatreël aangekondig is dat omdat die studente onrustig is en hulle eise stel, die skool sou vir 11 dae toegesluit word vanaf 23 Julie af, as 'n strafmaatreël teen die skoliere. -- Ek weet nie daarvan nie.

U weet nie daarvan nie. Weet u dat op dié dag, dit wil

sê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

sê 23 Julie 1984, so 250 van die skoliere van die skool weggemarsjeer het in 'n optog, weet u daarvan? -- Nee.

Weet u of daar enige geweldpleging was op 23 Julie 1984? -- Nee.

Kan ons aanvaar dat as daar wel enige geweldpleging op die 23ste was, u sou daarvan geweet het? -- Ja.

Maar weet u of die polisie op dié betrokke dag die optog van die studente uiteen gejaag het met traanrook, deur die polisie? -- Ja.

Alhoewel daar geen geweld gepleeg was? -- Ek was glad nie betrokke by die hele saak nie, ek was besig met 'n ondersoek en ek weet niks daarvan nie.

Maar ek verstaan nie u antwoord wanneer u ja gesê het. Vir wat het u ja gesê? -- Ek weet van dat hulle die mense met traangas op daardie ... (tussenbei)

Met traangas uiteen gejaag het? -- Ja.

Wel, weet u wat die effek van die gebruik van traangas was op skoliere wat van hulle skool weggestuur is en hulle op pad huis toe was in 'n vreedsame manier, alhoewel hulle miskien, hulle marse miskien onwettig was? Weet u wat die effek van daardie polisie-optrede was? -- Nee.

Wel, was nie die houding van die skoliere en die mense te Welkom dat die skoliere en hulle ouers wou hulle kinders by die skool te wees? -- Dit is korrek.

En dit was die Departement wat die skool toegesluit het. -- Dit is korrek.

En na 23 Julie is daar druk uitgeoefen teenoor die Departement om die skool te heropen. -- Dit kan wees.

Wel, kan jy nie onthou dat daar verklarings is deur ad hoc-komitees van ouers en andere, asseblief, maak die skool oop, veral die matriekskoliere wat moet vir hulle

matriekeksamen/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

matriekeksamen voorberei? -- Daar was besluit dat daardie persone op 1 Augustus moet inskryf vir die matriekeksamen.

Maar dit was miskien die houding van die Departement dat daar moet net die matriekskoliere terug skool toe gaan, maar weet u wat die houding van die ouers en die studente was, of almal van hulle wou terug skool toe gaan? -- Ek weet nie wat was hulle houding gewees nie, maar die Departement het besluit dat op elke dag 'n volgende standerd ingeskryf sal word, met ander woorde dit was nie net vir die matriekklas nie.

K374 Was u daar op 1 Augustus? -- Dit is korrek.

En kan u onthou op hoeveel studente daar opgedaag het? -- Ongeveer 400.

En hoeveel polisiemanne was daar? -- Ek het alreeds geantwoord, ek weet nie.

Was u nie teenwoordig gedurende die polisie-optrede op 1 Augustus nie? -- Ek is verbonde aan die Veiligheidstak en ek beweeg nie saam met die persone van die Uniformtak nie. Ek het my eie vervoer, ek kan nie sê hoeveel is in 'n voertuig nie.

Maar het u gesien dat die Uniformpolisie opgetree het teen die studente wie volgens die mening van die polisie nie in die matriekklas nie? -- Hulle het nie teen hulle opgetree nie.

Is die Uniformpolisie binne die skoolterrein, het die Uniformpolisie binne-in die skoolterrein gegaan? -- Nee.

Is u seker daarvan? -- Seker.

Het hulle sambokke saamgehad? -- Op daardie stadium kan ek nie sê of hulle sambokke gehad het nie.

Kan u sê of traangas op 1 Augustus gebruik was? -- In die woonbuurt nadat die skool ... (tussenbei)

Nee, by die skoolterrein? -- Nee.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Is u seker daarvan? -- Volgens my kennis het hulle dit nie gebruik nie.

Wel, kan u aan die Hof 'n versekering gee dat daar nie traangas gebruik was by die skoolterrein, kan u die versekering gee? -- Ek was self by die skoolterrein en as daar traangas gebruik sou word, sou ek definitief ook 'n slagoffer gewees het.

Ek wil aan u stel dat daar 'n optrede deur die Uniformpolisie was, sambokke is gebruik, traangas is gebruik om die mense wie die polisie gedink het is nie in die matriekklas nie, om hulle weg te jaag. -- Nee.

Weet u of al die studente wat in die matriekklas was aanvaar was of nie? -- Ek weet nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat tien van hulle, dit wil sê van die matriekklas geskors was en hulle gesê is om weg te gaan? -- Dit is korrek.

Weet u daarvan? -- Ek weet daarvan.

Hoe weet u daarvan? -- Ek gaan gereeld na die skool toe.

Wie het die besluit geneem dat tien van die matriekklas in Augustusmaand sou geskors word? -- Ek weet nie.

Is enige rede aan u gegee waarom tien van die klas geskors was? -- Nee.

Weet u wat die effek aan die res van die matriekklas was toe tien van hulle kollegas of 'comrades', noem dit wat u wil, geskors was? -- Nee.

Vir hoe lank was u binne die skoolterrein op 1 Augustus? -- Ek was van ongeveer 07h45 tot ongeveer 08h30 na 09h00 se kant was ek by die skoolterrein gewees.

Het u voor of na of terselfdertyd met die Uniformpolisie daar weggegaan? -- Nee, ek het daar gebly terwyl hulle al weg was.

U/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

U het agtergebly? -- Dit is korrek.

Binne die skool of buite? -- Binne-in die skool.

Binne-in die skool. -- Ja.

HOF: In die skool of op die skoolterrein? -- Op die skoolterrein.

MNR. BIZOS: Weet u dat of die studente van die hoërskool vir ondersteuning gevra het op dié dag, 1 Augustus, by die Lebogang High School? -- Dit is korrek.

HOF: Wat bedoel u met ondersteuning vra? -- Seker polisiebeskerming.

MNR. BIZOS: Ek wonder of ons saam verstaan.

(?) .....: Êrens is daar 'n groot misverstand nou.

HOF: Dit is waarom ek vra.

MNR. BIZOS: Het die studente van Teto nie na hulle kollegas by die ander skool gegaan en gesê kyk, ons is op 'n onregverdige manier behandel, gee ons julle steun teen die Departement? -- Ek weet nie daarvan nie.

En die studente by die Lebogang Hoërskool uit hulle klasse gekom het en saam met die Teto se studente begin in die woonbuurt rondloop. -- Ek was nie op daardie spesifieke tyd by Lebogang-skool nie, maar nadat ek weg is by Teto Hoërskool het ek gaan vasstel by Lebogang-skool en die inligting wat ek daar gekry het is dat die skool ontwrig is deur studente wat klippe na die skool gegooi het.

U het geen persoonlike kennis daarvan nie? -- Nee.

Weet u of die studente wat van Teto teruggekom het op 2 Augustus of nie? -- Nee, niemand het teruggegaan na hulle skole toe nie.

Is u seker daarvan? -- Volgens my kennis.

Was u daar? -- Ek het gepatrolleer in die Swartwoonbuurt by al die skole verby.

Wel/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wel, is u in staat om te erken of te ontken dat die studente van Teto na die skoolperseel teruggekeer het op 2 Augustus? -- Ek weet nie daarvan nie.

ASSESSOR (?): Is dit nou al die studente?

MNR. BIZOS: Ek het net dat studente, ek kan nie sê of dit almal was nie.

HOF: Ons moet hulle miskien liewers skoliere noem, want hulle is nog glad nie studente nie en soos hulle aangaan is daar min kans dat hulle ooit studente sal word.

MNR. BIZOS: Dit is ongelukkig so, ja. U het die woord student gebruik en dit is waarom ek - hulle is mos skoliere? -- Skoliere, ja.

Weet u van enige polisie-optrede op 2 Augustus by die Teto-skool? -- Nee.

En as ek aan u stel dat die polisie daar gekom het op die 2de en die skoliere daar uitgejaag het, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Ek weet nie daarvan nie.

En as gevolg daarvan die skoliere van Teto weer na die ander skole gehardloop het om te rapporteer wat by hulle skool gebeur het. -- Nee.

En as gevolg van dié gebeurtenis die ontevredenheid en die onrustigheid van die skoliere versprei was na Lebogang en Thutaughata-skole. Miskien ek moet die tweede spel, T-h-u-t-a-u-g-h-a-t-a. Dra u kennis daarvan? -- Nee.

Weet u of daar soortgelyke griewe was by die Lebogang en die Thutaughata-skole? -- Nee.

HOF: U bedoel nou probleme tussen onderwysers en skoliere?

MNR. BIZOS: Onderwysers en skoliere, ja. En weet u of ongeveer 4 000 van hulle op 2 Augustus daar begin in die woongebied op en af marsjeer? -- Nee.

En op dié betrokke dag is hulle ook deur die polisie met

traangas/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

traangas uiteen gejaag. -- Soos ek in my getuienis gesê het, om 12h00 op 2 Augustus, het die onluste hernieud uitgebreek. Daardie oggend het daar gebeure of enige, tot my kennis, plaasgevind nie.

Wel, is u in staat om te erken of te ontken dat traangas gebruik is op 2 Augustus voor daar enige geweldpleging plaasgevind het? -- Nie wat ek van weet nie.

Maar is u in staat om dit te ontken? -- Ja.

Was u daar? Is u nie bewus van enige optog van die skoliere? -- Nee.

Sal u saamstem dat in elke Swartwoongebied daar is jongmense wat nie skoliere is nie, wat nie werk nie en hulle is miskien nie heeltemal regverdig na as tsotsi's verwys? -- Ja.

Is dit 'n taamlike groot persentasie van die jeugdiges in Thabong? -- Nee.

Het werkloosheid van jongmense nie in Thabong bestaan nie? -- Ek sal nie sê dit het nie bestaan nie, maar Goudvelde het redelik baie werk vir die mense.

In elk geval, is u in staat om te erken of te ontken dat dié element wat ek aan u beskryf het toe begin het om in die omstandighede gewone huisbraak en plundering, veral van drankwinkels, begin het? -- Ek kan nie daaroor getuig nie, ek weet nie daarvan nie.

Beteken die naam Papike Laope iets vir u? -- Kan u net die van herhaal, asseblief.

Laope. -- Loape?

U sê Loape.

HOF: Is dit 'n o-a of a-o?

MR BIZOS: I have it as L-a-o-p-e.

HOF: Ons het netnou gepraat van Loape, nie van Laope nie.

MR BIZOS: My instructions are incorrect. It is Loape. Hoe

oud/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

oud was die persoon? -- Ek weet glad nie hoe oud was hy nie.

Weet u of hy ŉ persoon was wat heeltemal gesond was of nie? -- Nee, hy was nie gesond nie.

Wat was fout? -- Ek sal nie sê self gesond nie, maar hy het ŉ gebrek gehad, hy het net een been gehad.

En is hy doodgeskiet? -- Dit is korrek.

Deur wie? -- Deur die Suid-Afrikaanse Polisie.

Van u eie persoonlike kennis, weet u hoe die kruppel doodgeskiet was? -- Nee.

Van die begin van Augustus het die polisie die aandklokreël gemaak of gepubliseer? -- Nee.

Wel, en as ek aan u stel dat dit was wat gedoen was dat niemand moes van 19h00 rondbeweeg, is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Ek weet van geen aandklokreël wat van 19h00 gegeld het nie.

<u>HOF:</u> Was daar op enige stadium ŉ aandklokreël in Thabong? -- Nee.

<u>MNR. BIZOS:</u> Wel, die polisie in Augustus 1984 sou nie die reg gehad het om dit op ŉ wetlike manier te doen nie, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Maar het hulle gedreig dat as hulle iemand sien rondbeweeg na 19h00, hulle sou hom skiet? -- Nee.

Het dit nie tot u kennis gekom dat werkers het begin beswaar maak omdat hulle in party - wel, sommige van hulle kon nie terugkom voor 19h00. -- Dit is so, hulle werk laat daar in Welkom.

Die dood van Loape, weet u wat die persepsie van die mense van Thabong was in verband met sy dood, of dit nou noodsaaklik was of nie, of die mense van Thabong dit as ŉ onwettige daad beskou het? -- Nee, ek weet nie.

Kan u vir ons sê of u van enige bewering teen die

oorledene/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

oorledene gehoor het? -- Nee, ek het van geen, enige onreël-matigheid teenoor die polisie of enigiets gehoor nie.

MR BIZOS: My Lord, I will be able to do it more logically if Your Lordship were to grant me an adjournment. There is some detail that I want to get from accused 20 which I would have to come back, if I carry on now.

COURT: In any event, that clock is slow because of the interruption in the electricity supply.

DIE HOF VERDAAG VIR ETE. DIE HOF HERVAT NA ETE.

STEPHANUS JOHANNES HUGO, steeds onder eed:

MR BIZOS: I would just like to inform the Court that Mr Lazarus More, accused 4, has been taken to the district surgeon because of the complaint that there was before.

COURT: You referred, Mr Bizos, to a Papike Loape. The witness referred to Ephraim Loape. Are we referring to the same person?

MR BIZOS: It must be the same person, because of the fact that he was crippled.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (Vervolg): Weet u of sy bynaam Papike was of nie? -- Nee.

Weet u of hy alleen was of in ŉ groep toe hy doodgeskiet is deur die polisie? -- Ek weet nie.

En weet u of the persepsie van die mense daar te Welkom was dat as dit beweer was dat hy enige oortreding sou gepleeg het, dit sou baie maklik vir die polisie gewees het om hom te arresteer en nie dood te skiet nie? -- Ek weet nie wat was die situasie op daardie oomblik nie.

Weet u of sy dood beskou was as die onnodige skietery deur die polisie teenoor jongmense in Welkom? -- Nee.

U sal nie in staat wees om te erken of te ontken dat hy ŉ lid van COSAS was? -- Hy was nie ŉ lid van COSAS nie.

Hoe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Hoe weet u dit? -- Ek ken die Swartman se vader baie, baie goed, van jare se skakeling met hom en daagliks het ek hom gesien en hy het vir my die versekering gegee dat sy seun aan geen politieke organisasie behoort nie.

Miskien ŉ pa wou dit aan die Veiligheidspolisie sê. -- Ek glo nie sy pa sou vir my iets weggesteek het nie.

ASSESSOR KRüGEL: Is dit ŉ stelling?

MNR. BIZOS: Beskuldigde 20 is gesê dat die jongman ŉ lid van COSAS was. Ons weet nie of dit nou ŉ feit is of nie, maar beskuldigde 20 is gesê. I am pleased to inform Your Lordship that there is in fact no conflict between the witness and Mr Lekota. Net een punt volledigheidshalwe, toe u op die dokumente beslag gelê het, het mnr. Lekota u gevra of hy kan dit terugkry na die begrafnis? -- Dit is korrek.

En hy het wel terug na die polisiestasie gekom en sy dokumente weer weggeneem? -- Dit is korrek.

HOF: Het u afskrifte gemaak intussen? -- Ek het dit nagegaan in ons indeks van publikasies en dit en sover ek vas kon stel het daar geeneen van hulle daarin verskyn nie en ek het dit aan hom terugoorhandig.

MNR. BIZOS: Weet u hoeveel lede van COSAS daar was te Welkom? -- Nee.

U kon dus nie sê of dit reg is as ek aan u stel dat dit ongeveer 200 was nie? -- Ek kan nie bevestigend antwoord nie, ek weet nie hoeveel daar was nie.

Maar die groepe jongmense wat daar in die woongebied van tyd tot tyd beweeg het, was partykeer duisende? -- Ja.

En u weet nie of hulle almal skoliere was nie of jongmense wat werkloos was nie? -- Nee.

U het nooit enige vergadering van COSAS bygewoon nie? -- Nee.

Of/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Of by die Rooms Katolieke Kerk of by enige huis nie? -- Nee.

En u kennis - wel, u het tot die gevolgtrekking gekom dat hulle COSAS-vergaderings was van inligting wat u gekry het? -- En van plakkate wat geadverteer is.

Plakkate van tyd tot tyd. -- Ja.

Was plakkate gebruik ook vir die vergaderings wat sou by huise gehou wees? -- Nee.

Die moeilikhede met die skole het voortgegaan. -- Dit is korrek.

Tot 1985. -- Dit is korrek.

HOF: Was die skole gesluit tot 1985 of was dit ŉ aan-en-af-storie? -- Dit was ŉ aan-en-af-storie en dit was op ŉ stadium heropen vir die kinders, maar dit is weer daarna gesluit.

MNR. BIZOS: Dra u kennis van enige besluite van die skoolhowe of die Departement in verband met hulle beslissings van tyd tot tyd, byvoorbeeld op een keer toe die dinge nou begin mooi gaan, daar was ŉ besluit dat Xhosa sal nie die - Xhosa-mense, X-h-o-s-a - Xhosa-kinders sal nie toegelaat word by die skole nie. Dra u kennis van daardie ... (tussenbei) -- Nee.

En of daarna verdere moeilikheid was nie? -- Nee, ek dra geen kennis nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM: Geen vrae.

ASSESSOR, MNR. KRüGEL: Net na aanleiding van die laaste vraag van die advokaat vir die verdediging, is die woongebied hoofsaaklik mense van ŉ besondere bevolkingsgroep? -- Nee, verskillende soos Sotho's, Xhosa's en Suid-Sotho's, Tswana's, almal is woonagtig in daardie woongebied.

Kan u aan enige rede dink van waarom daar dan teen die Xhosa-kinders so ŉ besluit geneem sou wees?

HOF: /...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF: Nee, dit is COSAS, nie Xhosa's nie.

MNR. KRüGEL: Is dit COSAS of Xhosa's?

MNR. BIZOS: X-h-o-s-a, not COSAS.

MR KRüGEL: Yes, you said X-h-o-s-a.

HOF: O, Xhosa's?

MNR. KRüGEL: Ja, Xhosa's. -- Nee, U Edele, want daar ... (tussenbei)

Dit is u stelling, mnr. Bizos?

MNR. BIZOS: Ja, dit is. -- Nee, want Teto is eintlik die skool vir die Xhosa-kinders. So ek kan dit nie dink dan dat hulle daardie skool moet (sin onvoltooi).

GEEN VERDERE VRAE

LESEGE JOHN MOROLONG, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM: Hy getuig ook oor Thabong. U is ŉ speurder-adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die Veiligheidstak en gestasioneer te Welkom. -- Ja.

Op 5 September 1984 het u ŉ vergadering bygewoon in die Philip Smit-sentrum in Thabong. -- Ja.

Watse vergadering was dit? -- Dit was ŉ vergadering wat eintlik gehou was met die ouers deur die Departement van Onderwys en Opleiding.

Wat was die doel van die vergadering? -- Daar sou hulle die feite bespreek het aangaande die heropening van die skole.

In watter hoedanigheid het u die vergadering bygewoon? -- As ŉ ouer en tweedens as ŉ voorsitter van ŉ komitee van Teto Ghaota(?), dit is ŉ hoërskool te Welkom.

Hoe laat het u by die saal aangekom vir die vergadering? -- Om 18h00.

Hoe was die opkoms? -- Met my aankoms daar was daar omtrent 300 mense alreeds daar.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Was dit volwasse mense of wat was die posisie? -- Daar was volwassenes gewees, maar die meerderheid van die 300 wat ek skat was die jeugdiges, alhoewel die vergadering bedoel was vir die grootmense.

As u sê jeugdiges, is dit skoolgaande jeug of watter ouderdomsgroep? -- Ja, skoliere.

Was daar vir u iets opvallends aan dié skoliere se kleredrag? -- Ja, die meerderheid van hierdie skoliere was gekleed in T-hemde van UDF en COSAS.

Wat was die mense besig om te doen toe u by die saal aankom? -- Met my aankoms daar was hulle besig om vryheidsliedere te sing asook die uitspreking van slagspreuke.

Kan u van die liedere onthou wat gesing is? -- Ja, ek kan.

Noem hulle. -- Een van hulle was "Tambo Khuluma No'Botha,", laat hy - verskoon my, dit is nou 'n vertolking - A'Khulule U'Mandela. Die tweede ene was A'Belungu Uyisinge Sizobathobula Gembyby.'

Wat beteken die eerste lied wat u genoem het? -- Dié beteken dat Tambo moet met Botha praat dat Botha vir Mandela moet vrylaat. Die tweede een se vertolking is dat Witmense is honde, ons sal hulle skiet met kanonne.

Kan u slagspreuke onthou wat daar geskreeu is? -- "Amandla", "Viva UDF", "Viva COSAS", "Viva Mandela", dit is al van die slagspreuke wat ek kan onthou.

Wat het gebeur toe u die saal binnegaan om u plek in te neem? -- Toe ek die saal binnegegaan het, daar was van die studente wat op die galery gesit het, dié het geskreeu en gesê: "Johnny is teenwoordig, Johnny is teenwoordig", verwysend na myself, Johnny, en toe verder gesê dat ons wil hom nie hier hê nie of sien nie, ons gaan sy huis aan die brand steek. Daarna het hulle toe voortgegaan met die vryheids-

liedere/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

liedere wat hulle gesing het en die uitroep van slagspreuke.

Was u algemeen in Thabong bekend, het die mense u geken, geweet u is 'n polisieman? -- Ja, ek is daar gebore.

Het u enige van die mense wat so geskreeu het "Johnny is hier en ons wil hom nie hê nie, ons gaan sy huis brand", het u enige van die mense herken? -- Ja, ek het 'n persoon daar geken.

Wie was dit? -- Billy Makobo.

Het u hom goed geken? -- Ja, goed geken.

Het u persoonlike kennis gehad of hy aan enige organisasie verbonde was? -- Wat ek weet is dat hy 'n lid van COSAS was destyds.

Bedoel u in 1984 of wanneer is destyds? -- Ja.

<u>HOF:</u> As u praat van 'n lid bedoel u 'n gewone lid of 'n bestuurslid? -- Hy was die sekretaris van die tak van COSAS te Welkom.

<u>MNR. HANEKOM:</u> Het die vergadering toe begin? -- Daar was net gebid gewees. Na die bid het die studente toe die vensters begin beskadig deur gebruik te maak van stoele en die vryheidsliedere gesing.

<u>HOF:</u> Het hulle met die stoele teen die vensters geslaan? -- Ja, sowel as die glasdeure.

<u>MNR. HANEKOM:</u> Wat het toe gebeur? -- Billy het toe afgekom van die galery waar hy was. Die studente het hom toe gevolg. Hulle het toe die saal verlaat, as gevolg waarvan daar toe deurmekaar geword het en die oumense het toe ook begin vlug uit die saal uit. Ek het ook die saal verlaat. Ek was die laaste persoon om die saal te verlaat.

Net voordat u aangaan. Nadat die gebed gedoen was, het u gesê het die studente, soos u hulle noem, weer begin sing. Het enigiemand die voortou geneem daar? -- Ja, Billy is die persoon wat die liedere gelei het.

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Dit is nou Billy Makobo? -- Ja.

Kan u onthou hoe Billy Makobo die aand aangetrek was? -- 'n UDF T-hemp het hy aangehad.

Het die vergadering toe later die aand wel plaasgevind of glad nie? -- Nee, daar was nie meer 'n vergadering gehou nie.

Toe u die saal verlaat, wat het u gesien? -- Ek het opgemerk dat 'n klomp van die studente in die rigting van die woonbuurt gehardloop het.

Het u enige persoon in hulle geledere geken?

HOF: Is dit nou studente of skoliere? Hoërskoolkinders of mense wat na die hoërskool is? -- Ek praat van skoliere.

MNR. HANEKOM: Het u enigeen in hulle geledere, die groep wat daar gehardloop het, geken? -- Nee, dit was donker gewees daar buite. Al wat ek kon herken was die T-hemde.

HOF: Watse T-hemde? -- Ek het opgemerk dat mense wat hardloop T-hemde aanhet. Ek het toe aanvaar dit is die T-hemde van UDF en COSAS, as gevolg van die kleur wat ek gesien het in daardie donkerte.

MNR. HANEKOM: Waarheen het u gegaan? -- Ek is toe na Thabong-polisiestasie toe waar ek 'n verslag gaan doen het aan die polisie aangaande wat daar gebeur het. 15 minute na ek die Thabong-polisiestasie verlaat het, het ek 'n boodskap gekry dat my huis aan die brand gesteek is.

Het u daarheen gegaan? -- Ja, ek is huis toe. Met my aankoms daar het ek gevind dat die polisie alreeds daar was, besig om die vuur dood te blus en ek het ook deelgeneem. Ons kon nie daarin slaag om die vuur baas te raak nie. Alles, dit wil sê die inhoud van die huis, was uitgebrand gewees, selfs die dak van die huis. Die verlies daar was R30 000,00. My voertuig, dit is 'n Ford Cortina wat daar geparkeer was, se vensterruite was almal stukkend gewees, insluitende die

windskerm/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

windskerm. Die bande was afgeblaas, daar was 'n poging gewees om die sitplekke aan die brand te steek. Ek het 'n petrolbom gevind in die agterste sitplek en nog een op die grond buite die voertuig. Om die voertuig te laat herstel het ek R3 071,00 betaal.

Was daar enige mense tuis die aand toe die huis aan die brand geraak het? -- Ja.

Wie was dit? -- My eggenote en twee dogtertjies.

Is enige van hulle beseer? -- Nee, nie een van hulle was beseer nie, maar my eggenote se lewe was toe swak gewees na hierdie voorval, omrede sy destyds verwagtend was. Eintlik die posisie is dat die tyd van die voorval het sy die voertuig daar buite parkeer terwyl sy besig was om voorbereidings te doen dat sy hospitaal of kliniek toe moet gaan met die voertuig omdat sy al geboorte moes gaan gee het om en by daardie tyd toe hierdie voorval plaasgevind het. Dié het ek van haar verneem.

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS: When did you for the first time make a statement in relation to the matters you have described to His Lordship? -- This morning.

You never made a statement before? -- I did, I made a statement pertaining to the setting alight of my house.

But never made a statement about the happenings at the hall? -- No, not in detail, except that I did make mention that I was at the hall when my house was set alight.

So in connection with the events at the hall you never made a statement, except this morning? -- As far as I can recall, no.

You are a Warrant officer in the Security Police? -- Yes.

And you are familiar as a Warrant officer with offences relating to internal security. -- Yes.

And/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

And more particularly you must be familiar with the offence, the serious offence of intimidation. -- Yes.

Which provides that nobody is entitled or nobody at the paying of 10 years' imprisonment or R10 000,00 fine or both make any statement which or any threat, which will forebear anybody to do what he is entitled to do or threaten anybody in any way. -- I know that intimidation is a serious offence.

And you know what its elements are, so that as a security policeman you could easily recognise them? -- Yes, I do understand that.

I want to suggest to you that if your evidence about the secretary of COSAS in Welkom was correct, whom you recognised and he made those threats or as part of the group of making those threats, you had a watertight case of intimidation against him. -- Yes, I know that.

You know that. And it could even be even more serious, because to threaten somebody who has come to a school meeting to go away otherwise his house will be burnt, may even be an act of terrorism. -- Yes, I agree with you.

And these statements according to you were made when, on 5 September 1984, were they? -- That is so.

Why did you not go and make a statement and cause the arrest of the secretary of COSAS on a charge of intimidation or terrorism or both, or in the alternative for that matter? -- There was a case opened, although it was opened as public violence and this person was arrested.

No, I understand that and I do know that he was one of a group of people that was arrested on a charge of public violence, but as far as you yourself were concerned, why did you not make a statement about his threats in relation to you? -- What happened is, in this day in question, or the



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

night in question my house was burnt down and the following day I came to know that this person has been arrested, he is in custody and therefore I had to make a statement which statement I made pertaining to the burning of my house.

Yes, but you did not make any reference in that statement, if I understood your previous evidence correctly, to anything that was said at the meeting. -- What I can say to that is that this happened long ago. I am therefore not in a position to tell His Lordship in details what I told the investigating officer at the time.

But you told us a short while ago that the first time you ever made any statement in relation to what happened in the hall was this morning. Do you stand by that answer? -- Yes, I still stand by my evidence.

Will you agree that there were approximately 1 200 people at this meeting? -- No, no, not at all.

At the time - I am not talking about the beginning when you came, but by the time everybody arrived that was supposed to arrive, how many people do you say were there? -- According to me the people I found that which people I estimated to have been 300, were the only people who were there until up the time when the meeting was to start.

So do you mean that at the time that the meeting actually started with a prayer, that there were only 300 people there? -- I believe so, yes.

You would dispute that there were over 1 000 people? -- I will dispute that, yes.

Could you please tell us who was there on behalf of the Department? -- A Mr Msidi from Bloemfontein.

He is the circuit inspector? -- He is not a circuit inspector, he is an advisor on education.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Of the people that were there, would you please give us a split-up, how many do you say were parents and how many were scholars? -- According to my estimation I would say 250 were scholars and the remaining 50 were parents.

Who had called the meeting? -- The Department of Education and Training had called the meeting.

Are you saying that the parent-body was so disinterested in the education of their children that only 50 parents turned up? -- Not that.

How many does the hall hold? -- 2 000 plus or even 3 000.

So according to your evidence except for the 250 scholars and the 50 parents there was no one else there and that the hall was compartively speaking empty? -- This meeting was not at all well attended by the parents.

Was there anyone there to prevent scholars from coming to this meeting? -- No, not at all, not that I came to know about.

Except for yourself, was there any other police officer around? -- No, I did not notice that.

Is it correct that you were not in any way physically attacked at the meeting? -- No, not at all.

And if there was this strong feeling against you in order to injure you or to do you harm, the scholars or for the scholars at the meeting you would have been an easy target? -- Yes, very easy.

COURT: Were you armed? -- yes, I was.

Visibly? -- No.

MR BIZOS: And you were seated in the audience? -- Yes, I was.

With people behind you? -- Yes.

And if people were in fact knocking windows out with the



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

chairs, they could just as easily have directed them at you before you could bring out your arm even if they knew that you had one? -- Yes, if they wanted to, yes.

Did Mr Msibi manage to say anything at the meeting? -- No, not at all, except that he did try to get the children to keep quiet so that he could speak, but it was not successful.

What were the children saying to Mr Msibi when they were not keeping quiet? -- They were singing freedom songs and shouting slogans.

What did Mr Msibi say? -- Well, he also called on them loud to say that they must keep quiet in order to start.

Did any parent speak at this meeting? -- Nobody every spoke in that meeting.

Were you called upon to leave the meeting? -- No.

Did not anyone say that because you were a security policeman you should go away from the meeting before the meeting proceeded? -- No, not from the organisers of the meeting, none of them ever said that except that what I said the children said 'Johnny is present here and we do not want him here.'

Did they not go further and say that there could not be any meaningful discussion in the presence of a security policeman? -- No, there is no such thing.

Tell me, do school pupils and community organisations resent the presence of security policeman in the Black living areas, in relation to the running of their domestic affairs?

COURT: At the moment or at the time?

BIZOS: At the time, I think it was, well, I put at the time. Was there at the time a feeling that the security police should not be present whilst people discuss their community

affairs/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

affairs? -- There was no such a feeling.

Do you say that there is no such feeling now? -- Well, I will say that with me in Welkom I am being accepted all-over.

At community meetings? -- Yes.

And at mass meetings where there are over 1 000 people present, you are accepted? -- No, in fact there are no such meetings in our days, for instance people attending a meeting in a number or outnumbering 1 000 people. People are reluctant in attending meetings in our days. So there are no such big meetings which are being held.

Are you telling His Lordship that you have never come across that at any public meeting, irrespective of its size, that there is no feeling against the presence of security policemen, from 1984 to 1986? -- Not from the meetings that I have attended.

Were you going to report on the events of this meeting to your superiors?

HOF: Do you mean was it intended beforehand, because he said he did in fact report.

MR BIZOS: Did you go to the meeting for the purposes of reporting to your superiors? Thank you, My Lord. -- No.

Had you not taken part in the activities of the police during August 1984 in the school difficulties that there had been? -- There are occasions where I acted like a policeman to matters pertaining to schools.

Yes, and was that known to the scholars that you were around the schools during the troubled period of July and August in the school system of Welkom? -- On these occasions I referred to that I did attend to some school matters in my capacity as a policeman, I would just be there on patrols



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

or keeping observations, only in those capacities did I have to do with school matters.

And once you are so well-known there, did not the scholars resent your presence as a policeman in their disputes with their headmaster and their teachers? -- I do not believe that I was not at good terms with the children. Much as I did not even believe when they said they were going to set my house alight, I did not believe that, because I did not know that I was not at good terms with them.

You did not take it seriously? -- Not at all.

When they said that 'Johnny is here and we do not want him', did not anyone of them say we do not want the meeting to go on if he persists in staying here? -- No, no one ever said that.

I do not know whether this is a convenient stage.

COURT: Have you got much to ask this witness anymore?

MR BIZOS: Yes, I have and also there is certain material which I hope to get overnight.

COURT: Yes, then we can take the adjournment now.

THE COURT ADJOURNS UNTIL 1 AUGUST 1986.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017